

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Dinsdag, 15 November 1966

WINDHOEK

Tuesday, 15 November 1966

No. 2747

INHOUD

CONTENTS

Page/Bladsy

PROKLAMASIES:—

- No. 77 Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere, 1959: Toestaan van Lenings
- No. 78 Dorp Nautilus: Stigting van

PROCLAMATIONS:

- Farmers' Special Relief Ordinance, 1959: Granting of Loans 1177
- Township Nautilus: Establishment of 1178

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- No. 206 Tenderraadregulasies: Wysiging
- No. 207 Tenderraadregulasies: Wysiging
- No. 208 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Wysiging van die Grense van die Gochas Area, Distrik Gibeon
- No. 209 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Wysiging van die Grense van die De Jager Area, Distrik Gobabis
- No. 210 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Wysiging van die Grense van die Zaris Area, Distrik Maltahöhe
- No. 211 Munisipaliteit Windhoek: Straathandel deur Kinders
- No. 212 Dorpsbestuur Witvlei: Inboorlinglokasieregulasies
- No. 213 Dorpsbestuur Maltahöhe: Inboorlinglokasieregulasies
- No. 214 Raad van Beheer oor die Suiwelnwyerheid: Benoeming van Lede
- No. 215 Visserye-ontwikkelingsadviesraad: Aanstelling van Lede
- No. 216 Geslote Seisoen vir Kreef
- No. 1546 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone verbied om Byeenkomste by te Woon
- No. R.1556 (Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Staande Mag
- No. 1567 (Republiek) Department van Polisie: Erratum
- No. R.1589 (Republiek) Indiening van Eise teen The Defence and Aid Fund
- No. 1590 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Verbeteringskennisgewing
- No. 1591 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone verbied om Byeenkomste by te Woon
- No. 1592 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone verbied om Byeenkomste by te Woon
- No. 1647 (Republiek) Deviesebeheerregulasies: Wysiging
- No. R.1648 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/65)
- No. R.1649 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/69)
- No. R.1650 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/70)
- No. R.1651 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/23)

GOVERNMENT NOTICES:

- Tender Board Regulations: Amendment 1185
- Tender Board Regulations: Amendment 1185
- Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Gochas Area, District of Gibeon 1185
- Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the De Jager Area, District Gobabis 1185
- Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Zaris Area, District Maltahöhe 1186
- Municipality Windhoek: Street Trading by Children 1186
- Village Management Board Witvlei: Native Location Regulations 1190
- Village Management Board Maltahöhe: Native Location Regulations 1234
- Dairy Industry Control Board: Appointment of Members 1278
- Fisheries Development Advisory Board: Appointment of Members 1278
- Close Season for Rock Lobster 1278
- (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings 1279
- (Republic) Amendment to the Regulations for the Permanent Force 1279
- (Republic) Department of Police: Erratum 1280
- (Republic) Submission of Claims against the Defence and Aid Fund 1280
- (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Correction Notice 1280
- (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings 1281
- (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings 1281
- (Republic) Exchange Control Regulations: Amendment 1282
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/65) 1283
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/69) 1284
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/70) 1285
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/23) 1285

No. R.1652	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 6 (No. 6/8)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 6 (No. 6/8)	1286
No. 1658	(Republiek) Wysiging van die Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes Afrika	(Republic) Amendment of the Official Harbour Tariff Book of Dues and Charges at the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa	1286
No. R.1669	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Inwerkingtreding van Wysigings van die „Explanatory Notes to the Brussels Nomenclature” (EN 4)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Commencement of Amendments to the “Explanatory Notes to the Brussels Nomenclature” (EN 4)	1287
No. R.1670	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/66)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/66)	1287
No. R.1671	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/71)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/71)	1288
No. 1687	(Republiek) Wet op die Beheer van Medisyne 1965: Aanstelling van Lede van die Medisyne-Beheerraad	(Republic) Drugs Control Act, 1965: Appointment of Members of the Drugs Control Council	1288
No. 1695	(Republiek) Adviserende Haweraad Walvisbaai: Aanstelling van Lede	(Republic) Walvis Bay Harbour Advisory Board: Appointment of Members	1288

ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

No. 108	Munisipaliteit Keetmanshoop: Voorgestelde Permanente Sluiting van Straatgedeeltes
No. 109	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Swakopmund
No. 110	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Warmbad
No. 111	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Karibib
No. 112	Mynwese: Toekenning van Alleenregte: Distrik Luderitz
No. 113	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Rehoboth
No. 114	Maatskappye Geregistreer ens. gedurende Oktober, 1966
No. 115	Maatskappye van Register geskrap
No. 702	(Republiek) Bouverenigingsopgawes — Augustus, 1966

ADVERTENSIES:

Boedelkennisgewings ens., ens.

GENERAL NOTICES:

Municipality Keetmanshoop: Proposed Permanent Closing of Street Portions	1289
Mines: Withdrawal from Pegging: District Swakopmund	1289
Mines: Withdrawal from Pegging: District Warmbad	1289
Mines: Withdrawal from Pegging: District Karibib	1290
Mines: Granting of Exclusive Rights: District Luderitz	1290
Mines: Withdrawal from Pegging: District Rehoboth	1290
Companies Registered etc. during October, 1966	1290
Companies Struck off the Register	1292
(Republic) Building Societies Returns — August, 1966	1292

ADVERTISEMENTS:—

Estate Notices etc., etc.

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 77 van 1966.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (2) van die Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1959 (Ordonnansie 16 van 1959) verklaar ek hierby dat tot die 31ste dag van Maart 1967 aansoek gedoen kan word om lenings vir die aankoop van krag- of ander voer of om weiding te huur.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie vyfde dag van Oktober 1966.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur.

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 77 of 1966.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section 2 (2) of the Farmers' Special Relief Ordinance 1959 (Ordinance 16 of 1959) I do hereby declare that application for loans for the purpose of purchasing concentrates or other fodder or hiring grazing may be made until the 31st day of March, 1967.

Given under my hand and seal in Windhoek this the fifth day of October, 1966.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE ABRAHAM HERMANUS DU PLESSIS, WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 78 van 1966.]

NADEMAAL daar behoorlike kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel 12 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963, (Ordonnansie 11 van 1963 nagekom is;

SO IS DIT dat ek kragtens artikel 13 van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat die dorp NAUTILUS (LUDERITZ) soos aangewys op Algemene Plan A. 343/65 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die aansoek om die stigting van genoemde dorp goedgekeur is onderhewig aan die voorwaardes wat kragtens artikel 6 van genoemde Ordonnansie opgelê is, uiteengesit in die Bylae hiervan.

Gegee onder my hand en seël op hierdie een-en-dertigste dag van Oktober 1966.

A. H. DU PLESSIS,

Waarnemende Administrateur.

Gewysig by Prok. 34/1973 OK. 2371. 15/12/1973.
BYLAE.

STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam van dorp:* Die dorp heet NAUTILUS.
2. *Samestelling van dorp:* Die dorp bestaan uit erwe, strate en oop ruimtes, soos aangedui op Algemene Plan A. 343/65.
3. *Gereserveerde grond:* Die volgende erwe moet gereserveer en gebruik word vir die ondergenoemde doeleindes: Met dien verstande dat, indien die Administrateur ná raadpleging met die Dorperaad, dit raadzaam ag om die grond vir ander doeleindes te gebruik, hy die opskorting of verslapping van hierdie beperking kan magtig onderhewig aan die voorwaardes wat hy stel:—

Vir die Administrasie —

- (1) Erf 98: vir 'n skool
- (2) Erf 156: vir 'n hospitaal
- (3) Erf 251: vir 'n polisiekantoor
- (4) Erf 492: vir 'n poskantoor.

Vir die Plaaslike Bestuur:

- (5) Erwe 118,499: vir sportsgronde en aanverwante doeleindes
- (6) Erwe 11, 520-523: vir oop ruimtes
- (7) Erf 482: vir administratiewe doeleindes
- (8) Erf 487: vir 'n gemeenskapssentrum
- (9) Erwe 153, 519: vir 'n elektriese substasie
- (10) Erwe 525-528: vir toekomstige onderverdeling
- (11) Erwe 529-535: vir bufferstroke.

4. *Beperking op registrasie van sekere erwe:* Geen erwe in die dorp, uitgesonderd daardie waarna in paragraaf 3 (1)—(4) hierbo verwys is, mag geregistreer word nie voordat erwe 529—535 deur middel van 'n sertifikaat van geregistreerde titel ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer is.

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE ABRAHAM HERMANUS DU PLESSIS, ACTING ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 78 of 1966.]

WHEREAS due notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section 12 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) have been complied with;

NOW THEREFORE, in terms of section 13 of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the township of NAUTILUS (LUDERITZ), as represented on General Plan A. 343/65, is an approved township and further that the application for the establishment of the said township has been granted subject to the conditions imposed in terms of section 6 of the said Ordinance, set out in the Schedule hereto.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 31st day of October, 1966.

A. H. DU PLESSIS,

Acting Administrator

SCHEDULE.

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name of township:* The name of the township shall be NAUTILUS.
2. *Composition of township:* The township shall comprise erven, streets and open spaces as indicated on General Plan A. 343/65.
3. *Reserved land:* The following erven shall be reserved and be used only for the purpose as stated below: Provided that if the Administrator, after consultation with the Townships Board, deems it expedient to use the land for other purposes, he may authorise the suspension or relaxation of this restriction, subject to such conditions as he may impose:

For the Administration:

- (1) Erf 98: For a school
- (2) Erf 156: For a hospital
- (3) Erf 251: For a police station
- (4) Erf 492: For a post office.

For the Local Authority:

- (5) Erven 118, 499: For sports grounds and purposes incidental thereto.
- (6) Erven 11, 520-523: For open spaces
- (7) Erf 482: For administrative purposes
- (8) Erf 487: For a community centre
- (9) Erven 153, 519: For an electricity sub-station
- (10) Erven 525-528: For future sub-division
- (11) Erven 529-535: For buffer zones.

4. *Restriction on registration of certain erven:* No erven in the township, excluding those referred to in paragraph 3 (1)—(4) above, may be registered until erven 529—535 have been registered by means of a certificate of registered title in favour of the local authority.

5. *Voorwaardes van eiendomsreg:*

Die onderstaande voorwaardes van eiendomsreg moet registreer word ten gunste van die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie sonder die toestemming van die Administrateur gewysig of laat vaar mag word nie:—

(a) *Ten opsigte van alle erwe:*

- (1) Die eenaar van die erf is verplig om sonder vergoeding op die erf materiaal te ontvang of uitgraving toe te laat wat moontlik vereis word vir die volle gebruik van die hele wydte van die aangrensende straat, en om 'n veilige en behoorlike helling te verskaf vir die straatwal weens die hoogteverskil van die grond tussen die straat, na voltooiing daarvan, en die erf, tensy hy verkies om steunmure ten genoë van, en binne die tydperk vasgestel deur die plaaslike bestuur, te bou.
- (2) Die eenaar van die erf is verplig om, sonder enige vergoeding, toe te laat dat waterpyplyne, stormwater-afvoerpyppe, rioolpyppe en bogrondse en ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne oor die betrokke erf gelê of gespan word, indien dit nodig geag word deur die plaaslike bestuur en op so 'n wyse en in so 'n ligging soos daar van tyd tot tyd ooreengekom word, en om verder toe te laat dat sodanige materiaal, wat uitgegrawe word gedurende konstruksie, instandhouding en verwydering van enige bovermelde materiaal, tydelik op die aangrensende grond geplaas word. Dit sluit in die reg op toegang tot die erf ten alle redelike tye, vir die bovermelde doeleindes of vir ander werk wat betrekking het daarop, onderhewig daaraan dat die plaaslike bestuur vergoeding moet betaal vir enige skade wat aangerig word in die uitvoering van enige sodanige werk.
- (3) Op die erf mag nie vir water geboor of gedolwe word nie.
- (4) Die erf mag nie onderverdeel word nie.
- (5) Behalwe waar anders bepaal word, mag nóg die geheel, nóg 'n deel van die erf oorgedra, verhuur of op enige wyse afgestaan of vervreem word aan enigiemand buiten 'n kleurling of aan enige vennootskap, maatskappy, of enige ander liggaam van persone met of sonder regs persoonlikheid, waarvan al die vennote, direkteure en aandeelhouders of lede, na gelang, nie kleurlinge is nie en niemand buiten 'n kleurling mag toegelaat word om daarop te woon of om dit op enige ander wyse te okkupeer nie: Met dien verstande dat as die erf vir godsdienstige doeleindes vir kleurlinge gebruik word, insluitende een woning vir een leraar, of vir die doeleindes van 'n bestaande Kleurlingsendingskool, met inbegrip van 'n koshuis wat wettig daarheen oorgeplaas is, dit met die toestemming van die Administrateur deur 'n godsdienstige liggaam beheer deur blankes, besit of gehuur kan word, onderhewig aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Administrateur en die voorwaardes wat hy stel: Met dien verstande voorts, dat een *bona fide* inboorlinghuisbediende wat sy/haar dienste op 'n erf lewer, onderhewig aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Administrateur en die voorwaardes wat hy stel, op die betrokke erf kan woon.
- (6) Behalwe waar anders bepaal, mag geen melkery, huurstal, koeistal, slagpale, varkhok of hinderlike bedryf hoegenaamd op die erf aangebring of bestuur word nie.

5. *Conditions of title:*

The following conditions of title shall be registered in favour of the local authority: Provided that such conditions shall not be amended or waived without the consent of the Administrator:—

(a) *Applicable to all erven:*

- (1) The owner of the erf shall be obliged to receive, without compensation such material or permit such excavation on the erf as may be required to allow full use of the full width of the adjoining street and to provide a safe and proper slope to its bank owing to the difference between the level of the street as finally constructed and the erf, unless he elects to build retaining walls to the satisfaction of, and within the period fixed by, the local authority.
- (2) The owner of the erf shall, without compensation, be obliged to allow the laying of water pipelines, stormwater drains, sewerage mains and overhead and underground electric supply mains, across the erf, if deemed necessary by the local authority, and in such a manner and position as may from time to time be agreed upon and to allow the temporary deposit on the land adjoining such works, of such material as may be excavated during the course of construction, maintenance and removal of any of the aforesaid material. This shall include the right of access to the erf at any reasonable time for the aforesaid purposes or other works pertaining thereto, subject thereto that the local authority shall compensate for any damage done in execution of any such works.
- (3) It shall not be permitted to drill or excavate for water on the erf.
- (4) The erf shall not be sub-divided.
- (5) Except where otherwise provided, the erf or any portion thereof shall not be transferred, let or in any other manner alienated or disposed of to any person other than a Coloured person or to any partnership, company or any other body of persons whether incorporated or unincorporated, of which all the partners, directors and shareholders or members, as the case may be, are not Coloured persons, and no person other than a Coloured person shall be permitted to reside thereon or to occupy it in any other manner: Provided that if the erf is used for religious purposes for Coloured persons, including one dwelling for one minister, or for the purpose of an existing Coloured mission school, including a hostel which has been lawfully transferred there, it may, with the consent of the Administrator, be owned or leased by a religious body controlled by whites, subject to the previously obtained written consent of the Administrator and such conditions as he may impose: Provided further that one *bona fide* Native domestic servant in service on any erf may reside on such erf, subject to the previously obtained written consent of the Administrator and such conditions as he may impose.
- (6) Except where otherwise provided, no dairy, livery stable, cowshed, slaughterpole, piggery or any offensive trade shall be established or conducted on the erf.

„Hinderlike bedryf” beteken 'n bedryf soos genoem in regulasie 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926 van 10 November 1926.

- (7) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.
 - (8) Buiten ter oprigting van 'n gebou op die erf mag nóg die eienaar nóg enigiemand anders vir enige bakstene, teëls, erdewerkpype, of ander artikels van sodanige aard op die erf maak of laat maak nie.
 - (9) Die natuurlike vloei van stormwater op die erf mag nie verlê of toegebou word sonder dat volmag daartoe vooraf van die plaaslike bestuur verkry is nie, en dan slegs volgens spesifikasie van die dorpsingenieur.
 - (10) Die plaaslike bestuur en enige ander persoon, wat skriftelik deur die Administrateur daartoe gemagtig is, het, vir doeleindes van die versekering van die toepassing van die titelvoorwaardes, die mag en reg om te alle redelike tye die erf binne te gaan vir doeleindes van inspeksie of ondersoek wat vir bogenoemde oogmerk nodig is.
- (b) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van alle erwe buiten dié waarna in paragraaf 3 hierbo verwys word:*

Geen verband mag op die erf uitgeneem word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van beide die plaaslike bestuur en die Administrateur nie en dan slegs onderhewig aan die voorwaardes wat die Administrateur stel: Met dien verstande dat as 'n verbandakte op die erf met die toestemming van die plaaslike bestuur en Administrateur geregistreer word, die verbandhouer, niteenstaande die bepalings van subparagraaf (5) van paragraaf (a) hiervan, geregtig is om die eiendom waarvoor hy die verband hou, by 'n eksekutoriale verkoping te koop en transport daarvan te neem hetsy sodanige verbandhouer 'n kleurling is of 'n vennootskap, maatskappy of ander liggaam van persone met of sonder regs persoonlikheid is waarvan al die vennote, direkteure en aandeelhouders of lede, na gelang, nie kleurlinge is nie, al dan nie, maar as die verbandhouer die erf op hierdie wyse bekom, is hy gebonde aan die bepalings van die genoemde subparagraaf (5).

- (c) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van alle erwe buiten dié waarna in paragraaf 3 hierbo en 5 (d)—5 (k) hieronder verwys word.*
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
 - (2) Slegs een woonhuis, vir die bewoning van slegs een huisgesin met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word. Die woonhuis mag nie deur meer as een gesin bewoon word nie.
 - (3) Geen skakelhuse of woonstelle mag op die erf opgerig word nie.
 - (4) Niteenstaande die bepalings van subparagraaf (5) van paragraaf (a) hiervan, mag hierdie erf afgestaan of vervreem word aan enige staatsdepartement of 'n maatskappy, geregistreer ingevolge die Maatskappy Ordonnansie 1928, wat deur blankes beheer word, vir die uitsluitlike doel om woonhuse vir kleurlingwerknemers van sodanige staatsdepartement of maatskappy op te rig.

“Offensive trade” shall mean any of the trades mentioned in regulation 1 (a) of Government Notice 141/1926 dated 10 November 1926.

- (7) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals shall be kept on the erf.
 - (8) Except for the purpose of erecting a building on the erf, neither the owner nor any other person shall make or cause to be made for any person any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on the erf.
 - (9) The natural course of stormwater on the erf shall not be deviated or built over without the prior approval of the local authority and then only according to the specification of the town engineer.
 - (10) The local authority and any other person so authorized in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of the conditions of title, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or enquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.
- (b) *Additional condition applicable to all erven except referred to in paragraph 3 above:*

No mortgage may be taken out on the erf without the previously obtained written consent of both the local authority and the Administrator, and then only subject to such conditions as the Administrator may impose: Provided that if any mortgage bond on the erf is registered with the consent of the said local authority and Administrator, the mortgage shall, notwithstanding the provisions of sub-paragraph (5) of paragraph (a) hereof, be entitled to buy the property mortgaged in his favour at a sale in execution and to take transfer of it, whether such mortgagee is a Coloured person or a partnership, company or other body of persons corporate or unincorporate of which all the partners, directors and share holders or members, as the case may be, are not Coloured persons, or not, but such mortgagee gaining possession of the erf in such manner shall be bound by the provisions of the said sub-paragraph (5).

- (c) *Additional conditions applicable to all erven except those referred to in paragraph 3 above and 5 (d)—5 (k) hereunder:*
- (1) The erf shall be used for residential purposes only.
 - (2) Only one dwelling house for one family, together with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf. The dwelling house shall be occupied by not more than one family.
 - (3) No semi-detached houses or flats shall be erected on the erf.
 - (4) Notwithstanding the provisions of sub-paragraph (5) of paragraph (a) hereof, this erf may be alienated or disposed of to any state department or a company, registered under the Companies Ordinance, 1928, which is controlled by whites, for the sole purpose of erecting thereon dwelling houses for Coloured employees of such state department or company.

- (5) die bouwaarde van die woonhuis, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder wees nie as —
- (i) R800 vir erwe met grootte tot 500 vk. meter;
- (ii) R1500 vir erwe met grootte 501—700 vk. meter;
- (iii) R2000 vir erwe met grootte meer as 701 vk. meter.
- (d) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 152 en 245:*
- (1) Behalwe waar in subparagraaf (4) hieronder bepaal, mag die erf slegs gebruik word vir 'n motorhawe en aanverwante doeleindes.
- (2) Slegs een hoofgebou, wat net uit 'n grondverdieping bestaan met die nodige buitegeboue en toebehore, mag opgerig word op die erf.
- (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R3,000 wees nie.
- (4) 'n Opsigterswoning hoogstens 1050 vk. voet groot, gemeet oor die buitekante van die buitemure, kan in die hoofgebou ingelyf word.
- (5) Die opsigterswoning mag nie deur meer as een gesin bewoon word nie.
- (e) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 80, 151, 294, en 438:*
- (1) Die erf mag slegs vir kerklike- en aanverwante doeleindes gebruik word. "Aanverwante doeleindes" sluit nie 'n gebou vir woondoeleindes in nie.
- (2) 'n Kerk en/of 'n kerksaal, met die nodige buitegeboue, kan op die erf opgerig word.
- (3) Die bouwaarde van die kerk wat op die erf opgerig word, mag nie minder as R4,000 wees nie.
- (4) Die bouwaarde van die kerksaal, wanneer en indien opgerig word, mag nie minder as R4,000 wees nie.
- (f) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 477—481, 483—486, 488—491, 493—497:*
- (1) Die erf mag slegs vir winkels en/of kantore gebruik word wat 'n restaurant kan insluit maar nie 'n motorhawe of vulstasie mag insluit nie: Met dien verstande dat winkels en kantore nie gesamentlik op enige verdieping toegelaat word nie.
- (2) Slegs een hoofgebou met 'n maksimum van twee verdiepings hoog, met die nodige buitegeboue en toebehore, mag op die erf opgerig word.
- (3) Van die erf mag hoogstens 50% van die totale oppervlakte bebou word as daar net 'n grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as daar 'n grond- en eerste verdieping opgerig word.
- (4) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R3,000 wees nie.
- (5) The building value, exclusive of outbuildings, shall be not less than —
- (i) R800 for erven up to 500 sq. metres in extent;
- (ii) R1500 for erven from 501 to 700 sq. metres in extent;
- (iii) R2000 for erven from 701 sq. metres upwards in extent.
- (d) *Additional conditions applicable to erven 152 and 245:*
- (1) Except as provided in sub-paragraph (4) hereunder, the erf shall be used only for a garage and purposes incidental thereto.
- (2) Not more than one main building, consisting of only one floor, together with the necessary outbuildings and appurtenances, shall be erected on the erf.
- (3) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than R3,000.
- (4) A caretaker's flat, which shall not exceed 1050 square feet in area, measured over the outer faces of the external walls, may be incorporated in the main building.
- (5) The caretaker's flat shall be occupied by not more than one family.
- (e) *Additional conditions applicable to erven 80, 151, 294 and 438:*
- (1) The erf shall be used only for church purposes and purposes incidental thereto. "Purposes incidental thereto" shall not include a building for residential purposes.
- (2) A church and/or church hall, together with the necessary outbuildings and appurtenances, may be erected on the erf.
- (3) The building value of the church erected on the erf, shall be not less than R4,000.
- (4) The building value of the church hall, when and if erected, on the erf shall be not less than R4,000.
- (f) *Additional conditions applicable to erven 477—481, 483—486, 488—491, 493—497:*
- (1) The erf shall be used only for shops and/or offices, which may include a restaurant, but shall not include a garage or filling station: Provided that offices and shops shall not be allowed together on any one floor.
- (2) Not more than one main building, not exceeding two storeys in height, together with the necessary outbuildings and appurtenances, shall be erected on the erf.
- (3) The area covered by the buildings erected on the erf, shall not exceed 50% of the total area of the erf when the ground floor only is erected, and shall not exceed 40% of the total area when ground and first floors are erected.
- (4) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than R3,000.

(g) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 474:*

- (1) Die erf mag slegs vir 'n hotel gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou met 'n maksimum van twee verdiepings hoog, met die nodige buitegeboue en toebehore, mag op die erf opgerig word.
- (3) Vir elke twee slaapkamers van die hotel moet 'n afsonderlike bedekte en 'n afsonderlike oop motor-parkeerruimte voorsien word.
- (4) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, wat op die erf opgerig word, mag nie minder as R10,000 wees nie en moet gelyktydig met die buitegeboue opgerig word.
- (5) Van die erf mag hoogstens 50% van die totale oppervlakte bebou word as daar net 'n grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as daar 'n grond- en eerste verdieping opgerig word.

(h) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 498:*

- (1) Die erf mag slegs vir 'n bioskoop gebruik word en slegs een hoofgebou, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (2) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R10,000 wees nie.
- (3) Van die erf mag hoogstens 60% van die totale oppervlakte bebou word.

(i) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 81—88:*

- (1) Behalwe soos in (4) hieronder bepaal, mag die erf slegs vir ligte nywerheid, soos deur die plaaslike bestuur goedgekeur, gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou, tesame met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (3) 'n Opsigterswoning hoogstens 1050 vk. voet groot, gemeet oor die buitekante van die buitewand, kan in die hoofgebou ingelyf word.
- (4) Die woning in die hoofgebou mag nie deur meer as een huisgesin bewoon word nie.
- (5) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R4,000 wees nie.

„Ligte nywerheid” beteken 'n nywerheid waarvoor die vervaardigingsproses of die masjinerie daarin aangebring sodanig is dat dit in 'n woonbuurt beoefen of aangebring kan word sonder nadeel vir die gerief van die buurt wat betref geraas, trilling, reuk, gasse, rook, roet, as, stof of grint.

(g) *Additional conditions applicable to erf 474:*

- (1) The erf shall be used only for a hotel.
- (2) Not more than one main building, not exceeding two storeys in height, together with the necessary outbuildings and appurtenances, shall be erected on the erf.
- (3) For every two bedrooms in the hotel a separate covered motor parking space plus one separate open motor parking space shall be provided.
- (4) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, erected on the erf shall be not less than R10,000 and shall be erected simultaneously with the outbuildings.
- (5) The area covered by the buildings, erected on the erf, shall not exceed 50% of the total area of the erf when a ground floor only is erected and shall not exceed 40% of the total area when both ground and first floor are erected.

(h) *Additional conditions applicable to erf 498:*

- (1) The erf shall be used only for the purpose of a cinema and not more than one main building, together with the necessary outbuildings shall be erected on the erf.
- (2) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than R10,000.
- (3) The area of the buildings erected on the erf shall not exceed 60% of the total area of the erf.

(i) *Additional conditions applicable to erven 81—88:*

- (1) Except as provided in (4) below, the erf shall be used only for light industry as may be approved by the local authority.
- (2) Not more than one main building, together with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.
- (3) A caretaker's flat, which shall not exceed 1050 sq. feet in area, measured over the outer faces of the external walls, may be incorporated in the main building.
- (4) The flat in the main building shall not be occupied by more than one family.
- (5) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than R4,000.

“Light industry” means an industry where the process carried on or the machinery installed therein, is such as could be carried on or installed in any residential area without detriment to the amenity of that area by reason of noise, vibration, smell, fumes, smoke, soot, ash, dust or grit.

(j) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 518:*

- (1) Behalwe soos in (4) hieronder bepaal, mag die erf slegs vir nywerheidsdoeleindes gebruik word, wat mag insluit enige hinderlike bedryf waarna verwys word in regulasie 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926, gedateer 10 November 1926.

(j) *Additional conditions applicable to erf 518:*

- (1) Except as provided in (4) below, the erf shall be used only for industrial purposes, which may include any offensive trade referred to in regulation 1 (a) of Government Notice 141/1926 dated 10 November 1926.

- (2) Slegs een hoofgebou, tesame met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (3) 'n Opsigterswoning hoogstens 1050 vk. voet groot, gemeet oor die buitekante van die buitemure, kan in die hoofgebou ingelyf word.
- (4) Die woning in die hoofgebou mag nie deur meer as een huisgesin bewoon word nie.
- (5) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R10,000 wees nie.
- (k) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 252, 253, 475 en 476:*
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou, met 'n maksimum van twee verdiepings hoog, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R20,000 wees nie.
- (4) Nieteenstaande die bepalinge van subparagraaf (5) van paragraaf (a) hiervan, mag hierdie erf afgestaan of vervreem word aan enige staatsdepartement of 'n maatskappy geregistreer ingevolge die maatskappy Ordonnansie 1928, wat deur blankes beheer word, vir die uitsluitlike doel om woonhuise vir kleurlingwerknemers van sodanige staatsdepartement of maatskappy op te rig.
- (5) Van die erf mag hoogstens 50% van die totale oppervlakte bebou word as daar net 'n grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as daar 'n grond- en eerste verdieping opgerig word: Met dien verstande dat slegs die helfde van die oppervlakte van publieke trappe, ingangsale en balkonne in die bouoppervlakte ingereken word, en bedekte parkeerruimtes nie as bouoppervlakte beskou word nie.
- (6) Parkering vir motorvoertuie moet indien die plaaslike bestuur dit te enige tyd verlang soos volg op die erf verskaf word:—
- (a) Een afsonderlike bedekte parkeerruimte vir elke twee woonsteleenhede; en
- (b) een afsonderlike oop parkeerruimte vir elke twee woonsteleenhede.
- (l) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 156:*
Die erf mag slegs vir 'n hospitaal en aanverwante doeleindes gebruik word.
- (m) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 98:*
Die erf mag slegs vir 'n skool en aanverwante doeleindes gebruik word.
- (n) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 492:*
Die erf mag slegs vir 'n poskantoor gebruik word.
- (o) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 251:*
Die erf mag slegs vir 'n polisiekantoor gebruik word.
- (2) Not more than one main building, together with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.
- (3) A caretaker's flat, which shall not exceed 1050 sq. feet in area, measured over the outer faces of the external walls, may be incorporated in the main building.
- (4) The flat in the main building shall not be occupied by more than one family.
- (5) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than R10,000.
- (k) *Additional conditions applicable to erven 252, 253, 475 and 476.*
- (1) The erf shall be used for residential purposes only.
- (2) Not more than one main building, not exceeding two storeys in height, together with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.
- (3) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, shall be not less than R20,000.
- (4) Notwithstanding the provisions of sub-paragraph (5) of paragraph (b) hereof this erf may be alienated or disposed of to any state department or a company, registered under the Companies Ordinance, 1928 which is controlled by whites for the sole purpose of erecting thereon dwelling houses for coloured employees of such state department or company.
- (5) The area covered by the buildings erected on the erf shall not exceed 50% of the total area of the erf when a ground floor only is erected and it shall not exceed 40% of the total area when both ground and first floors are erected: Provided that only half the areas of public stairways, entrance halls and balconies shall be calculated in the built-up area, and parking spaces under cover shall not be calculated as built-up area.
- (6) Parking for motor vehicles shall be provided on the erf as follows, should it at any time be required by the local authority:
- (a) One separate parking space under cover for every two flat units;
- (b) one separate open parking space for every two flat units.
- (l) *Additional condition applicable to erf 156:*
The erf shall be used only for a hospital and purposes incidental thereto.
- (m) *Additional condition applicable to erf 98:*
The erf shall be used only for a school and purposes incidental thereto.
- (n) *Additional condition applicable to erf 492:*
The erf shall be used only for a post office.
- (o) *Additional condition applicable to erf 251:*
The erf shall be used only for a police station.

(p) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 439:*

- (1) Die erf mag slegs vir 'n kinderbewaarhuis en aanverwante doeleindes gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R4,000 wees nie.

(q) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erwe 529—535:*

Die erf mag slegs as 'n bufferstrook gebruik word en geen geboue van enige aard mag daarop opgerig word nie.

(r) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erwe 80—88, 151, 152, 245, 252, 253, 294, 432, 438, 439, 474—481, 483—486, 488—491, 493—498, 519:*

Die erf of enige gedeelte daarvan mag nie transporteer, verhuur of op enige ander manier vervreem of afstand van gedoen word sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur nie. Enige sodanige transaksie wat sonder die Administrateur se toestemming gesluit is, is ongeldig en geen saak mag in enige hof in die Gebied van Suidwes-Afrika aanhangig gemaak word vir die terugvordering van enige gelde betaal of vergoeding vir enige dienste hoegenaamd gelewer ten opsigte van sodanige onderhandeling nie.

(s) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van alle erwe buiten daardie erwe waarna in paragraaf 3, subparagrafe (5)—(11) verwys word en erwe 477—481, 483—486, 488—491, 493—497:*

Geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure of heinings, mag nader as 3 meter van die straatlyn, wat 'n grens van die erf uitmaak, opgerig word nie, nóg binne 2 meter van enige ander grens van die erf.

(t) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erwe 477—481, 483—486, 488—491, 493—497:*

Geen gebou mag op die erf opgerig word nie tensy sodanige gebou uitkyk op die straat noord-oos en oos van erwe 477—486 en noordwes en wes van erwe 488—497, en voorts mag geen gebou op die erf opgerig word nie tensy sy voorste muur saamval met die bogenoemde straatgrens, stomp-snydings ingesluit, vir die hele wyde van die erf.

(p) *Additional conditions applicable to erf 439:*

- (1) The erf shall be used only as a creche and purposes incidental thereto.
- (2) Only one main building with the necessary outbuildings shall be erected on the erf.
- (3) The building value of the main building exclusive of outbuildings, shall be not less than R4,000.

(q) *Additional condition applicable to erven 529—535:*

The erf shall be used only as a buffer zone and no buildings of any nature whatsoever shall be erected thereon.

(r) *Additional condition applicable to erven 80—88, 151, 152, 245, 252, 253, 294, 432, 438, 439, 474—481, 483—486, 488—491, 493—498, 519:*

The erf or any portion thereof shall not be transferred, let or in any other manner alienated or disposed of without the written consent of the Administrator. Any such transaction concluded without the Administrator's consent, shall be null and void and no action shall be taken in any court in the Territory of South West Africa for the recovery of any money or for compensation for any consideration whatsoever paid or rendered in respect of such transaction.

(s) *Additional condition applicable to all erven except those erven referred to in paragraph 3 subparagraphs (5)—(11) and erven 477—481, 483—486, 488—491, 493—497:*

No building or structure of any portion thereof, except boundary walls or fences, shall be erected nearer than 3 metres to the street line which forms a boundary of the erf, nor within 2 metres to any other boundary of the erf.

(t) *Additional condition applicable to erven 477—481, 483—486, 488—491, 493—497:*

No building shall be erected on the erf unless such building fronts onto the street north-east and east of erven 477—486, and north-west and west of erven 488—497, and further no building shall be erected on the erf unless its front wall coincides with the abovementioned street boundary, including splays, for the full width of the erf.

Goewermentskennisgewing.**Government Notice.**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 206.]

[15 November 1966

ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA.
TENDERRAADREGULASIES: WYSIGING.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Finansiële en Ouditeur Ordonnansië, 1926 (Ordonnansië 1 van 1926) die regulasies wat gepubliseer is by Goewermentskennisgewing 179 van 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 90 van 1960, 160 van 1961, 46 en 163 van 1962, 146 van 1963, 172 van 1964 en 110 van 1966, as volg te wysig:—

Regulasie 3 (a):

Vervang die woorde „hoogstens agt senior amptenare” met die woorde „hoogstens nege senior amptenare”.

Regulasie 3 (d):

Vervang die woord „vyf” deur die woord „ses”.

No. 207.]

[15 November 1966

ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA.
TENDERRAADREGULASIES: WYSIGING.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Finansiële en Ouditeur Ordonnansië, 1926 (Ordonnansië 1 van 1926), die regulasies wat gepubliseer is by Goewermentskennisgewing 180 van 15 Julie 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 91 en 92 van 1960, 161 van 1961, 47 van 1962, 147 van 1963, 171 van 1964 en 152 van 1966 te wysig deur die byvoeging van die woorde:—

„Die Direkteur van Landbou — Lid;
Sekundus — Die Assistent Direkteur van Landbou.”

No. 208.]

[15 November 1966

BYDRAES TOT DIE KOSTES VAN JAKKALSDRAAD-
HEININGS: WYSIGING VAN DIE GRENSE VAN
DIE KRING GOCHAS, DISTRIK GIBEON.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (1) van die Wysigingsordonnansië op die Omheiningsproklamasie 1957 (No. 6 van 1957) soos gewysig by artikel 1 (a) van die Wysigingsordonnansië op die Omheiningsproklamasie 1958 (No. 6 van 1958) sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van die bylae van Goewermentskennisgewing 128 van 15 Julie 1966:

Die vervanging van die uitdrukking „Safari 318” waar dit in die bylae voorkom deur die uitdrukking „Gallipoli 262”.

No. 209.]

[15 November 1966

BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSDRAAD-
HEININGS: WYSIGING VAN DIE GRENSE VAN
DIE KRING DE JAGER, DISTRIK GOBABIS.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (1) van die Wysigingsordonnansië op die Omheiningsproklamasie 1957 (No. 6 van 1957) soos gewysig by artikel 1 (a) van die Wysigingsordonnansië op die Omheiningsproklamasie 1958 (No. 6 van 1958) sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van Goewermentskennisgewing 38 van 1 Maart 1966 soos gewysig by Goewermentskennisgewing 165 van 15 September 1966:

Die invoeging van die uitdrukking „Weiveld 526” tussen die uitdrukkings „Smuts 64” en „Claudius 527” waar hulle in die bylae voorkom.

No. 206.]

[15 November 1966

SOUTH WEST AFRICA ADMINISTRATION.
TENDER BOARD REGULATIONS: AMENDMENT.

The Administration has been pleased by virtue of the powers vested in him by section *twenty-six* of the Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926) to amend the regulations published under Government Notice 179 of 1957, as amended by Government Notices 90 of 1960, 160 of 1961, 46 and 163 of 1962, 146 of 1963, 172 of 1964 and 110 of 1966, as follows:—

Regulation 3 (a):

Substitute the words “not more than eight senior officials” by the words “not more than nine senior officials”.

Regulation 3 (d):

Substitute the word “five” by the word “six”

No. 207.]

[15 November 1966

SOUTH WEST AFRICA ADMINISTRATION.
TENDER BOARD REGULATIONS: AMENDMENT.

The Administrator has been pleased by virtue of the powers vested in him by section *twenty-six* of the Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926), to amend the regulations published under Government Notice 180 of 15 July 1957, as amended by Government Notices 91 and 92 of 1960, 161 of 1961, 47 of 1962, 147 of 1963, 171 of 1964 and 152 of 1966 by adding the words:—

“The Director of Agriculture — member;
Alternate — The Assistant Director of Agriculture.”

No. 208.]

[15 November 1966

CONTRIBUTIONS TOWARDS THE COST OF JACKAL-
PROOF FENCES: AMENDMENT OF THE BOUNDARIES OF THE GOCHAS AREA, DISTRICT OF
GIBEON.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 1 (1) of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957 (No. 6 of 1957) as amended by section 1 (a) of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958 (No. 6 of 1958) to approve the following amendment to the schedule to Government Notice 128 of 15 July 1966:

The substitution for the expression “Safari 318” where it occurs in the schedule of the expression “Gallipoli 262”.

No. 209.]

[15 November 1966

CONTRIBUTIONS TOWARDS THE COST OF JACKAL-
PROOF FENCES: AMENDMENT OF THE BOUNDARIES OF THE AREA DE JAGER, DISTRICT OF
GOBABIS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 1 (1) of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957 (No. 6 of 1957) as amended by section 1 (a) of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958 (No. 6 of 1958) to approve the following amendment to the schedule to Government Notice 38 of 1 March 1966 as amended by Government Notice 165 of 15 September 1966:

The insertion of the expression “Weiveld 526” between the expressions “Smuts 64” and “Claudius 527” where they occur in the schedule.

No. 210.] [15 November 1966

BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSDRAAD-
HEININGS: WYSIGING VAN DIE GRENSE VAN
DIE KRING ZARIS, DISTRIK MALTAHÖHE.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (1) van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningproklamasie 1957 (No. 6 van 1957) soos gewysig by artikel 1 (a) van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningproklamasie 1958 (No. 6 van 1958) sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van die bylae van Goewermentskennisgewing 198 van 1 Desember 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 181 van 1 Oktober 1966:

Die invoeging van die uitdrukking „Ged. A (Swartmodder Suid) van Swartmodder 101” tussen die uitdrukkings „Hammerstein 102” en „Zaris 103” waar hulle in die bylae voorkom.

No. 211.] [15 November, 1966

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge die bevoegdhede aan hom verleen deur artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) saamgelees met artikel 20 van die Kinderordonnansie, 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) sy goedkeuring te heg aan onderstaande regulasies van die Raad van die Munisipaliteit van Windhoek:—

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.
STRAATHANDEL DEUR KINDERS.

1. (a) Enige uitdrukking wat in hierdie regulasies gebruik word, sal die betekenis hê wat deur die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) daaraan geëg word.

(b) „Registrasiebeampte” beteken die persoon wat deur die Raad aangestel is om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte te vervul wat by hierdie regulasies aan registrasiebeamptes toegewys word.

(c) „Kenteken” beteken en bestaan uit 'n ovale metaalplaatjie, geel van kleur, waarop die letters, „Sertifikaat nr. . . .”, asook 'n nommer voorkom.

(d) „Munisipaliteit” beteken die Munisipaliteit van Windhoek gestig of ingestel ingevolge die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963).

(e) „Raad” beteken die raad van die Munisipaliteit van Windhoek.

7. The registered occupier of any dwelling in which a birth or death occurs, or in the case of his death, absence or incapacity, the eldest adult resident in such dwelling, shall forthwith report to the Superintendent all the facts necessarily required for the proper keeping of any register which the Superintendent may be required to keep.

ENTERING OF PREMISES.

8. The Superintendent or any of his assistants, the Medical Officer of Health or other authorised health official, or other authorised employee of the Council, may, for any purpose connected with the carrying out of these regulations, at all reasonable times enter without previous notice upon any premises whatsoever and make such examination and enquiry as he may deem necessary.

FURNISHING OF NAMES AND ADDRESSES.

9. Any person found in the location shall on demand furnish the Superintendent or any of his assistants with his full name and address and such other information as may be required.

REGISTER OF OCCUPIERS.

10. (1) The Superintendent shall keep a register (hereinafter referred to as "register of occupiers") in which he shall enter the name and full particulars of every person to whom a site, residential or lodger's permit or residential certificate has been issued in accordance with these regulations, the name and full particulars of every person who is entitled to reside in single quarters or a hostel situated within the location and the name of every other person who, in terms of these regulations, is permitted, by virtue of any site, residential or lodger's permit or residential certificate, to reside in the location.

(2) Die voorkoms van 'n persoon se naam in die register van bewoners is *prima facie*-bewys van die reg wat sodanige persoon het om in die lokasie te woon en om daar te wees.

(3) Die Superintendent moet die name van sodanige bewoners wie se perмите vervel het of wat andersins ooreenkomstig hierdie regulasies ingetrek of beëindig is, uit die register van bewoners skrap.

(4) Elke geregistreerde bewoner moet sodra enigeen, behalwe 'n persoon wat daartoe gemagtig is, in sy woning of op sy perseel aankom, dit aan die Superintendent rapporteer en hy moet terselfdertyd by die Superintendent aansoek doen om 'n permit wat so 'n persoon magtig om in sodanige woning of op sodanige perseel te wees.

(5) Elke geregistreerde bewoner moet aan die Superintendent enige verandering in die persone in sy permit uiteengesit, en van hulle huwelikstaat, rapporteer.

OPENBARE VERGADERINGS, BYEENKOMSTE EN VERMAAKLIKHEDE.

11. (1) Iedereen wat voornemens is om 'n openbare vergadering of byeenkoms van persone in die lokasie te belê of toe te spreek, moet die Superintendent minstens agt-en-veertig uur voor sodanige vergadering of byeenkoms in kennis stel; met dien verstande dat die Superintendent na goeddunke korter kennisgewing kan aanvaar.

(2) Geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die lokasie mag later as 12-uur middernag sonder die goedkeuring van die Superintendent voortgesit word nie. Ook mag geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die lokasie later as die verlengde tyd wat deur die Superintendent goedgekeur is, voortgesit word nie.

(3) Indien daar redelike grond is om te vermoed dat die hou van 'n vergadering of 'n byeenkoms in die lokasie 'n rusverstoring kan veroorsaak of daartoe aanleiding kan gee, kan die Superintendent, behoudens die bepaling van paragraaf (r) van subartikel (2) van artikel *twee-en-dertig* van die Proklamasie, sodanige vergadering of byeenkoms verbied.

(4) Geen bepaling in hierdie regulasie is op 'n vergadering of byeenkoms vir *bona fide*-bruilof-, begrafnis- of kerk-, onderrig-, sport-, konsert- of vermaaklikheidsdoeleindes, of vir die reëling van huishoudelike sake van toepassing nie.

(5) Niemand mag, sonder dat goedkeuring van die Superintendent vooraf verkry is, en behoudens die bepaling van enige ander wetlike bepaling van enigeen in die lokasie geld vir enige doel hoegenaamd kollekteer nie.

OPENBARE RUSVERSTORING.

12. Niemand mag in enige straat, pad of openbare plek of in 'n private woning of perseel binne die lokasie die openbare vrede verstoer deur te skreeu, rusie te maak, te twis, te vloek of vuil, skeld, beledigende of dreigende taal te gebruik of deur onbetaamlike, wanordelike of gewelddadige gedrag nie.

OBSTRUKSIE EN DRENTEL.

13. (1) Niemand mag in enige straat, pad of openbare plek binne die lokasie sit, lê, staan, drentel of vergader of op 'n ander wyse sodanige straat, pad of openbare plek belemmer sodat die verkeer verhinder word, of teen iemand wat wettiglik van sodanige straat, pad of openbare plek gebruik maak, stamp of so 'n persoon andersins lastig val nie.

(2) Niemand mag die uitvoering van enige diens deur die Raad verhinder, belemmer of hom daarmee bemoei nie.

AANHOUDING OP STRAAT.

14. Niemand mag in of naby 'n straat of in 'n ander plek in die lokasie op watter wyse ook al talm of iemand anders aanspreek of lastig val vir die doel van prostitusie of bedelary nie.

HEININGS IN OF OM LOKASIE.

15. Niemand mag op, onder, oor of deur 'n hek, heining, muur of tralie (wat die eiendom van die Raad is) in of om die lokasie klim of deur 'n ander as 'n goedgekeurde in- of uitgang binnekome of uitgaan nie.

(2) The appearance of any person's name in the register of occupiers shall be *prima facie* proof of such person's rights to reside and be in the location.

(3) The Superintendent shall delete from the register of occupiers the names of such occupiers whose permits have lapsed or which may otherwise have been cancelled or terminated in accordance with these regulations.

(4) Every registered occupier shall forthwith on the arrival in his dwelling or on his site of any person than a person authorised to be therein or thereon, report to the Superintendent the presence of such person and he shall at the same time apply to the Superintendent for a permit authorising the continued presence of such person in his dwelling or on his site.

(5) Every registered occupier shall report to the Superintendent any change in the persons set out in his permit and of their marital status.

PUBLIC MEETINGS, ASSEMBLIES AND ENTERTAINMENTS.

11. (1) Every person who proposes to convene or address a public meeting or assembly of persons in the location shall notify the Superintendent at least 48 hours before such meeting or assembly; provided that the Superintendent may, in his own discretion, accept shorter notice.

(2) No public meeting or entertainment in the location shall be continued later than 12 midnight without the approval of the Superintendent, nor shall any public meeting or entertainment in the location be continued later than the extended time to which permission has been granted by the Superintendent.

(3) If there be reasonable grounds for believing that the holding of any meeting or assembly in the location might provoke or tend to a breach of the peace, the Superintendent may, subject to the provisions of paragraph (r) of Sub-section (2) of Section *thirty-two* of the Proclamation, prohibit such meeting or assembly.

(4) Nothing in this regulation contained shall apply to any meeting or assembly for *bona fide* wedding, funeral, church, educational, sport, concert, or entertainment purposes or for the arrangement of domestic affairs.

(5) No person shall, without the prior approval of the Superintendent and subject to the provisions of any other legal enactment, collect from any person in the location any money for any purpose whatsoever.

DISTURBANCE OF THE PUBLIC PEACE.

12. No person shall in any street, road or public place or in any private dwelling or premises within the location, disturb the public peace by shouting, wrangling, quarrelling, swearing, or by using obscene abusive, insulting or threatening language or by unseemly, disorderly or violent behaviour.

OBSTRUCTION AND LOITERING.

13. (1) No person shall sit, stand, lie, loiter or congregate in or in any other manner encumber any street, road or public place within the location so as to obstruct traffic or to jostle or otherwise to interfere with any person lawfully using such street, road or public place.

(2) No person shall impede, obstruct or interfere with the rendering of any service undertaken by the Council.

SOLICITING.

14. No person shall in or near any street or in any other place in the location, in any way loiter or solicit or importune any other person for the purpose of prostitution or mendicancy.

FENCES IN OR AROUND THE LOCATION.

15. No person shall climb onto, under or over or through any gate, fence, wall or railing (being the property of the Council) in or around the location, or enter or leave otherwise than through some authorised means of ingress or egress.

SKADE AAN OF VERWYDERING VAN HEININGS, HEKKE EN MURE.

16. Niemand mag 'n hek, heining, muur of tralie (wat die eiendom van die Raad is) wat die lokasie omhein of daarin is, sonder die magtiging van die Raad beskadig of verwyder nie.

KNOPKIERIES OF GEVAARLIKE WAPENS.

17. (1) Geen inboorling mag in 'n openbare plek 'n knopkierie of ander gevaarlike wapen dra of in besit daarvan wees nie. Die hof wat enigemand skuldig verklaar aan 'n oortreding van hierdie regulasie kan, benevens enige straf, die inbeslagneming van sodanige knopkierie of ander wapen ten opsigte waarvan sodanige persoon skuldig verklaar is, gelas.

(2) Vir die doeleindes van hierdie regulasie omvat „gevaarlike wapen” swaarde of dolke, messe met 'n lem van 4 duim of meer in lengte of sakmesse waarvan die lemme so gestel kan word dat hulle nie weer kan toegegaan nie; spiese, assegaie en gelaaide stokke of stokke met spykers daarin; of stokke wat nie gebruik word om mee te loop nie; vuistsysters, sandsakke; slagbore, koevoete of hamers van meer as 3 lb in gewig; byle of pikbyle, soliede rubberknuppels, kettings en gelaaide gordels, lood- of ysterpype, plakke, sambokke en enige ander voorwerp wat klaarblyklik gevaarlik is.

'n Ketting aan 'n stok is 'n gelaaide stok en 'n gordel met enige metaal daaraan is 'n gelaaide gordel.

BESKADIGING VAN BOME EN S.

18. Niemand mag wederregtelik 'n boom, heg, pad, gebou of oprigting, of enige pyp, vullisbak of ander toebehore of toestel in die lokasie, wat die eiendom van die Raad is, beskadig of vernietig nie.

BEHEER OOR SPELE EN VERMAAKLIKHEID.

19. (1) Niemand mag enige spel, dobbelary of vermaaklikheid wat moontlik 'n stoornis kan veroorsaak of die inwoners of beamptes tot oorlas kan wees of aanstoot kan gee, of wat onbetaamlik is of wat sedelike gedrag kan ondermyn, in die lokasie bestuur of daaraan deelneem nie.

(2) Die geregistreerde bewoner van 'n perseel of woning in die lokasie, wat toelaat dat enige sodanige spel, dobbelary of vermaaklikheid op sy perseel plaasvind, asook alle persone wat daaraan deelneem, begaan 'n misdryf.

UITGRAWINGS.

20. Niemand mag binne die lokasie 'n uitgraving maak of 'n gat graawe sonder die skriftelike toestemming van die Superintendent nie.

WOONPERMITTE.

21. (1) Iedereen wat 'n gesinshoof is en wat hom in die lokasie wil vestig en met die lede van sy gesin 'n woning wat deur die Raad opgerig is of besit word, wil bewoon, moet persoonlik by die Superintendent aansoek doen om 'n permit (hieronder 'n woonpermit genoem) wat sy verblyf in die lokasie en bewoning van sodanige woning magtig. Sodra die Superintendent daarvan oortuig is dat —

- (a) 'n geskikte woning beskikbaar is;
- (b) sodanige woning deur die applikant en sy gesin aldus bewoon kan word;
- (c) die applikant 'n geskikte persoon is om in die lokasie te woon;
- (d) die applikant *bona fide* in diens is of 'n wettige ambag beoefen binne die stadsgebied;
- (e) die applikant wettiglik toegelaat word om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly;
- (f) die applikant nie alreeds die houer van 'n woon- of perseelpermit of 'n bewoningstifikaat is nie;
- (g) die applikant binne Suidwes-Afrika of die Republiek van Suid-Afrika gebore is,

DAMAGE TO OR REMOVAL OF FENCES, GATES AND WALLS.

16. No person shall damage or remove any gate, fence, wall or railing (being the property of the Council) enclosing or within the location without the authority of the Council.

KNOBKERRIES OR DANGEROUS WEAPONS.

17. (1) No Native shall carry or be in possession in a public place of a knobkerrie or other dangerous weapon. The Court convicting any person of a contravention of this regulation may, in addition to any penalty, order the confiscation of such knobkerrie or other weapon in respect of which such person is convicted.

(2) For the purpose of this regulation “dangerous weapon” shall include: Swords or daggers; knives with a cutting edge of 4 inches or more in length, or pocket knives, the blades of which can be fixed, spears, assegais and loaded sticks or stick with nails or sticks which are not used for the lomoation of persons; knuckle dusters; sand bags; jumpers, crow bars or hammers which exceed 3 lbs. in weight; axes of pick-axes; solid rubber batons; chains and loaded belts; lead or iron pipes; straps or sjamboks or any other object which is obviously dangerous.

A chain on a stick is a loaded stick, and a belt with any metal attached to it is a loaded belt.

DAMAGING OF TREES, ETC.

18. No person shall unlawfully damage or destroy any tree, hedge, road, building, or erection, or any pipe, refuse receptacle, or other fitting or appliance in the location which is the property of the Council.

CONTROL OF GAMES AND ENTERTAINMENTS.

19. (1) No person shall conduct or carry on any game, gambling or entertainment in the location which is likely to create a disturbance or be a nuisance or annoyance to the residents or officials or be indecent or subversive of good morals.

(2) The registered occupier of any site or dwelling in the location who permits any such game, gambling or entertainment to take place on his premises, as well as all persons taking part therein, shall be guilty of an offence.

EXCAVATIONS.

20. No person shall make any excavation or dig any hole within the location without the written permission of the Superintendent.

RESIDENTIAL PERMITS.

21. (1) Any person who is the head of a family and is desirous of taking up his residence in the location and of occupying together with the members of his family a dwelling erected or owned by the Council, shall personally apply to the Superintendent for a permit (hereinafter called a residential permit) authorising his residence in the location and occupation of such dwelling. The Superintendent, on being satisfied that —

- (a) a suitable dwelling is available;
- (b) such dwelling can be so occupied by the applicant and his family;
- (c) the applicant is a fit and proper person to reside in the location;
- (d) the applicant is *bona fide* employed or is carrying on some lawful occupation within the urban area;
- (e) the applicant is lawfully permitted to enter, be and remain in the urban area; and
- (f) the applicant is not already the holder of a residential or site permit or a residential certificate;
- (g) the applicant was born within South West Africa or the Republic of South Africa,

moet hy aan sodanige applikant 'n woonpermit uitreik in hoofsaak in die vorm in Bylae I van hierdie regulasies uiteengesit en so 'n woning aan hom toewys; met dien verstande dat as die applikant onder 18 jaar is dit op naam van die voog van die applikant in trust vir sodanige applikant gedurende die termyn van sy minderjarigheid uitgereik moet word.

(2) 'n Woonpermit moet —

- (a) die woning vermeld wat toegewys word;
- (b) beskou word verleen te wees slegs ten opsigte van die woning daarin vermeld;
- (c) die persoon vermeld aan wie dit verleen is;
- (d) alle persone vermeld, uitgesonderd loseerders, wat geregtig is om by die houer in te woon.

(3) Die houer van 'n woonpermit uitgereik ingevolge subregulasie (1) moet tydens die geldigheidsduur daarvan permanent in die woning aan hom toegewys woon en hy mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Superintendent vir 'n langer tydperk as een maand daaruit of uit die lokasie afwesig wees nie.

(4) Enige woning wat toegeken is en enige permit wat uitgereik is ten opsigte van sodanige woning kragtens enigeen van die regulasies wat by regulasie 3 van Hoofstuk I van hierdie regulasies herroep is en wat nie op die datum van afkondiging van hierdie regulasies ingetrek is nie word geag kragtens hierdie regulasies toegeken of uitgereik te gewees het.

PERSEELPERMITTE.

22. (1) Iedereen wat 'n gesinshoof is en wat hom in die lokasie wil vestig en 'n woning daarin wil oprig, moet persoonlik by die Superintendent om 'n perseelpermit aansoek doen.

(2) As die Superintendent daarvan oortuig is dat —

- (a) 'n geskikte perseel beskikbaar is;
- (b) die applikant 'n geskikte persoon is om in die lokasie te woon;
- (c) die applikant *bona fide* in diens is of 'n wettige ambag beoefen binne die stadsgebied;
- (d) die applikant wettiglik gemagtig is om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly;
- (e) die applikant nie reeds die houer van 'n woon- of perseelpermit of bewoningstifikaat is nie;
- (f) die applikant binne Suidwes-Afrika of die Republiek van Suid-Afrika gebore is;
- (g) die applikant finansiëel daartoe in staat en gewillig is om binne die tydperk wat ingevolge hierdie regulasies bepaal word 'n woning ooreenkomstig hierdie regulasies op te rig;
- (h) die applikant indien hy ten tyde van sy aansoek reeds 'n geregistreerde bewoner is, onderneem om by die ontvangs van 'n perseelpermit ingevolge hierdie regulasies sy bestaande woon-, perseel- of loseerderspermit of bewoningstifikaat sal opgee en tot die intrekking daarvan sal toestem;
- (i) die applikant by hom, in tweevoud, 'n behoorlike getekende plan van die voorgestelde woning, wat deur die ingenieur en geneeskundige gesondheidsbeampte goedgekeur is, ingedien het; en
- (j) die applikant 'n deposito betaal het wat voldoende is om die geraamde toesigkoste waarvan in subregulasie (8) van regulasie 25 van hierdie regulasies melding gemaak word, te dek (enige saldo van die deposito moet, na afloop van die bouwerkzaamhede, en nadat die finale koste daarvan bereken is aan die applikant terugbetaal word),

moet hy sodanige perseel aan sodanige applikant toeken en 'n perseelpermit soos uiteengesit in Bylae II aan hom uitreik; met dien verstande dat as die applikant onder 21 jaar is dit op naam van die voog van die applikant in trust vir sodanige applikant gedurende die termyn van sy minderjarigheid uitgereik moet word.

shall issue to such applicant a residential permit substantially in the form set out in Schedule I of these regulations and shall allot to him such dwelling; provided that, where the applicant is under the age of 18 years, such permit shall be issued in the name of the guardian of the applicant in trust for such applicant for the period of his minority.

(2) A residential permit shall —

- (a) specify the dwelling allotted;
- (b) be deemed to be granted only in respect of the dwelling mentioned therein;
- (c) specify the person to whom it is granted;
- (d) specify all persons, excluding lodgers, who are entitled to reside with the holder.

(3) The holder of a residential permit issued in terms of sub-regulation (1) shall, during the currency thereof, permanently reside in the dwelling allotted to him and he shall not absent himself therefrom or from the location for a period of more than one month without the written permission of the Superintendent.

(4) Every dwelling which was allocated and any permit which was issued in respect of such dwelling in terms of the regulations repealed by regulation 3 of Chapter I of these regulations, and which, on the date of promulgation hereof, has not been cancelled, shall be deemed to have been allocated or issued in terms of these regulations.

SITE PERMITS.

22. (1) Every person who is the head of a family and who is desirous of settling in the location and erecting a dwelling therein, shall apply in person to the Superintendent for a site permit.

(2) The Superintendent, on being satisfied that —

- (a) a suitable site is available;
- (b) the applicant is a fit and proper person to reside in the location;
- (c) the applicant is *bona fide* employed or carrying on a lawful trade within the urban area;
- (d) the applicant is lawfully authorised to enter, be and remain in the location;
- (e) the applicant is not already the holder of a residential or site permit or residential certificate;
- (f) the applicant was born in South West Africa or the Republic of South Africa;
- (g) the applicant is financially able and willing to erect a dwelling in terms of these regulations within the period laid down herein;
- (h) the applicant if, at the time of his application he is already a registered occupier, undertakes to surrender his existing residential, site or lodger's permit or residential certificate and to consent to the cancellation thereof upon receipt of a site permit in terms of these regulations;
- (i) the applicant has submitted to him a properly drawn plan, in duplicate, of the proposed dwelling, approved by the Engineer and the Medical Officer of Health;
- (j) the applicant has paid a deposit which is sufficient to cover the estimated supervision fees referred to in sub-regulation (8) of regulation 25 of these regulations (any balance of the deposit must be refunded to the applicant after completion of the building activities and the determination of the final costs thereof);

shall allocate such site to the applicant and issue to him a site permit in the form prescribed in Schedule II; provided that, where the applicant is under the age of 21 years, such permit shall be issued in the name of the guardian in trust for the applicant for the period of his minority.

(3) Die Raad kan aan enige *bona fide*-applikant wat aan die voorwaardes uiteengesit in subregulasie (2) voldoen, 'n plan van 'n standaardwoning wat vir die Raad aanneemlik kosteloos verskaf.

(4) Enige perseel toegeken en enige permit uitgereik ten opsigte van sodanige perseel kragtens enigeen van die regulasies wat by regulasie 3 van Hoofstuk I van hierdie regulasies herroep is en wat nie op die datum van afkondiging van hierdie regulasies ingetrek is nie word geag kragtens hierdie regulasies, toegeken of uitgereik te gewees het.

REGTE VERLEEN EN VERPLIGTINGE OPGELE DEUR 'N PERSEELPERMIT.

23. (1) 'n Perseelpermit —

- (a) verleen aan die houer daarvan die reg op die uitsluitende gebruik en bewoning, tesame met sy gesin, maar behoudens hierdie regulasies, van die perseel wat daarin beskryf word, vir 'n tydperk wat die Raad goeddink maar vir hoogstens dertig jaar van die datum van uitreiking daarvan; met dien verstande dat waar die applikant om sodanige permit nie wettig in die stadsgebied in diens was of nie die een of ander wettige ambag of beroep daarin beoefen het of nie opleiding vir of onderlig in die een of ander wettige ambag of beroep daarin ontvang het vir vyf jaar onmiddellik voor die datum van die aansoek nie sodanige bewoning op 'n maandelikse basis geskied;
- (b) moet 'n beskrywing van die betrokke perseel bevat;
- (c) moet aandui watter geboue, strukture of heinings op die betrokke perseel opgerig is of opgerig kan word;
- (d) word beskou as toegestaan alleenlik ten opsigte van die perseel wat daarin genoem word; en
- (e) moet die persoon aandui aan wie dit uitgereik is.

(2) Hoogstens een perseel mag aan een persoon toegeken word. Vir sover dit hierdie subregulasie betref word 'n manlike volwassene en 'n vroulike volwassene wat saamwoon, as een persoon beskou.

(3) Die perseel mag vir geen ander doel as vir woon-doeleindes gebruik word nie; hierby word 'n tuin ingesluit waarin vrugte, blomme en groente slegs vir huishoudelike gebruik gekweek kan word.

(4) Persele mag nie onderverdeel word nie.

(5) Die houer van 'n perseelpermit mag nie die huis, buitegeboue of perseel, of 'n gedeelte daarvan, sonder die skriftelike toestemming van die Raad onderverhuur, of toelaat dat iemand anders as hyself en sy gesin dit bewoon nie, en die Raad kan na goeddunke hierdie toestemming verleen of weier.

(6) 'n Toegewese perseel moet op behoorlike en doeltreffende wyse deur die Superintendent afgemete word.

(7) Geen perseel mag aan kinders wat by hul ouers of voogde woon, toegeken word nie.

ONDERVERHURING, OORDRAG OF DIE BESWARING VAN WONINGS.

24. (1) Die houer van 'n perseelpermit of bewoning-sertifikaat mag op generlei wyse sy perseelpermit, of sy reg op, of belang in dié perseel of enige verbeterings daarop aan iemand anders as die Raad, of aan iemand wat die Raad na goeddunke goedkeur, verpand, verbind of op enige ander wyse beswaar nie.

(2) Die houer van 'n perseelpermit, woonpermit of bewoning-sertifikaat mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Raad sy perseelpermit, woonpermit of bewoning-sertifikaat of sy belang, as daar is, in 'n gebou wat op die perseel opgerig is, aan iemand anders verhuur, verkoop of oordra nie. Hierdie toestemming word verleen sodra die Raad oortuig is dat die persoon aan wie verhuur, verkoop of oorgedra word, voldoen aan die voorwaardes uiteengesit in paragrafe (a) tot en met (g) van subregulasie (2) van regulasie 21 in die geval van 'n woonpermit, of aan die voorwaardes uiteengesit in paragrafe (a) tot en met (j) van subregulasie (2) van

(3) The Council may make available to any *bona fide* applicant who conforms to the requirements of sub-regulation (2), a plan of a standard dwelling acceptable to the Council, free of charge.

(4) Any site which was allocated and any permit which was issued in respect of such site in terms of the regulations repealed by regulation (3) of Chapter I of these regulations, and which, at the date of promulgation of these regulations, has not been cancelled, shall be deemed to have been issued or allocated in terms of these regulations.

PRIVILEGES DERIVED FROM AND OBLIGATIONS IMPOSED BY A SITE PERMIT.

23. (1) A site permit —

- (a) confers upon the holder thereof the right to the sole use and occupation, together with his family, of the site described therein, subject, however, to these regulations, for a period deemed fit by the Council but not exceeding thirty years from the date of issue thereof; provided that, where the applicant for such permit has, for a period of five years immediately preceding the date of the application, not been in *bona fide* employment within the urban area, or has not been carrying on some lawful trade or occupation therein or has not been receiving training in any lawful trade or occupation therein, the occupation by him of such site shall be on a monthly basis;
- (b) shall contain a description of the site concerned;
- (c) shall indicate the buildings, structures or hedges erected on the site or capable of being erected thereon;
- (d) is deemed to have been issued in respect of the site mentioned therein only;
- (e) shall indicate the person to whom it has been issued.

(2) Not more than one site may be allocated to any one person. For the purposes of this regulation, an adult male and an adult female living together shall be regarded as one person.

(3) The site may only be used for residential purposes, which shall include a garden in which fruit, flowers and vegetables for domestic use only may be grown.

(4) No site may be subdivided.

(5) No holder of a site permit may sublet the dwelling, outbuildings or site or any portion thereof or cause or permit any person other than himself and his family to occupy the same without the written consent of the Council, which consent the Council may in its discretion grant or refuse.

(6) An allotted site shall be measured off in a proper and efficient manner by the Superintendent.

(7) No site may be allocated to children residing with their parents or guardians.

SUBLETTING, TRANSFER OR ENCUMBERING OF DWELLINGS.

24. (1) The holder of a site permit or residential certificate shall not have the right to mortgage, pledge or in any other manner whatsoever encumber his site permit or his rights to or his interest in the site or any improvements thereon to any person other than the Council or a person approved by the Council.

(2) The holder of a site permit, residential permit or residential certificate shall not have the right, without the written consent of the Council, to let, sell or transfer his site permit, residential permit or certificate or his interests (if any) in any building erected on the site to any other person. This consent will be granted upon the Council being satisfied that the person to whom the lease, sale or transfer is to be made, conforms to the requirements of paragraphs (a) to (g) inclusive, of sub-regulation (2) of regulation 21 in the case of a residential permit or to the requirements of paragraphs (a) to (j) inclusive, of sub-regulation (2) of regulation 22 in the case of a site

regulasie 22 in die geval van 'n perseelpermit of aan die voorwaardes in paragrawe (a) tot en met (d) van sub-regulasie (3) van regulasie 26 in die geval van 'n bewoningsertifikaat en teen betaling deur sodanige persoon van die gelde wat in hierdie regulasie voorgeskryf word.

(3) Die oordrag van 'n perseelpermit of bewoning-sertifikaat geskied by wyse van:—

- (a) registrasie daarvan in die „register van bewoners” wat die Superintendent ingevolge regulasie 10 moet hou; en
- (b) die endossering op die betrokke permit van die naam en adres van die persoon wat oordrag neem, die koopprys wat betaal is en die feit dat beide partye ingestem het tot die oordrag; en
- (c) die oorhandiging van die betrokke permit aan die persoon wat oordrag neem.

OPRIGTING VAN GEBOUE, HEININGS, BUTTE-GEBOUE OF ANDER BOUWERKE.

25. (1) Die houër van 'n perseelpermit moet binne drie maande nadat die perseelpermit aan hom uitgereik is, 'n huis ooreenkomstig die goedgekeurde plan wat aan sy perseelpermit geheg is, op sy perseel begin oprig, en moet sonder ophoud daaraan bou en dit ooreenkomstig die genoemde plan voltooi binne 'n termyn van twaalf maande vanaf die datum waarop die perseelpermit uitgereik is, met dien verstande dat die Komitee enigeen van, of albei die voorgeskrewe tydperke om goeie redes kan verleng. Ingeval hierdie regulasie oortree word, kan die Raad —

- (a) die termyn met 'n bepaalde tydperk verleng; of
- (b) die perseel betree en die goedgekeurde geboue oprig of voltooi en die koste daarvan op die houër van die perseelpermit verhaal; of
- (c) die perseelpermit intrek, behoudens die reg op vergoeding ten opsigte van verbeterings, en die perseel weer aan 'n ander geskikte applikant toewys.

(2) Die houër van 'n perseelpermit moet binne drie maande (dié tydperk kan deur die Komitee na goeie dunnke en om grondige redes verleng word) enige skriftelike opdrag uitvoer wat die Superintendent, handelende op enige verslag van die geneeskundige gesondheidsbeampte of die ingenieur, aan hom gee, naamlik dat hy om grondige redes 'n woonhuis, gebou, buitegebou, heining of ander bouwerk moet herstel, verander, herbou of sloop; met dien verstande dat die skriftelike opdrag vergesel moet gaan van 'n skriftelike aanbod deur die Raad om op voorwaardes met betrekking tot rente en terugbetaling, wat in hierdie regulasie gespesifiseer word, aan die houër materiaal voor te skiet ten einde hom in staat te stel om die opdrag uit te voer.

(3) 'n Vertrek wat heeltemal of gedeeltelik deur mense gebruik word om in te slaap, mag deur hoogstens sodanige aantal persone bewoon word wat sal meebring dat daar vrye lugruimte van vierhonderd kubieke voet en vloerruimte van veertig vierkante voet is ten opsigte van elke persoon wat tien jaar of ouer is, en vrye lugruimte van tweehonderd kubieke voet en vloerruimte van twintig vierkante voet ten opsigte van elke persoon wat jonger as tien jaar is; met dien verstande dat onder geen omstandighede 'n latrine, gang, trap, trapportaal of kas, of 'n buitegebou, garage, stal, tent, pakkamer, afdak, skuur, kelder of solder gebruik mag word vir mense om in te slaap nie, tensy die Raad goedkeur dat dit vir die doel gebruik mag word.

(4) Daar mag geen woning in 'n lokasie opgerig word waarvan die beraamde koste, tesame met die van die gewone buitegeboue, minder as R200 beloop nie;

(5) Daar mag geen ander geboue of bouwerke, behalwe een woonhuis, tesame met die gewone buitegeboue, op een perseel opgerig word nie.

(6) Daar mag geen materiaal wat nie deur die Raad of sy beamptes goedgekeur is, vir die oprigting of verbouing van enige woning of buitegeboue gebruik word nie. Die Raad het die reg om te eis dat die houër van die perseelpermit al die materiaal wat vir dié doel gebruik word of van die Raad teen koste gekoop word, of van 'n handelaar in boumateriaal gekies uit 'n lys van handelaars deur die Raad goedgekeur, en elke houër van 'n

permit or to the requirements of paragraphs (a) to (d) inclusive, of sub-regulation (3) of regulation 26, in the case of a residential certificate, and provided the fees prescribed in these regulations have duly been paid by such person.

(3) The transfer of a site permit or a residential certificate takes place by —

- (a) registration thereof in the “register of occupiers” kept by the Superintendent in terms of regulation 10; and
- (b) the endorsement on the permit in question of the name and address of the person taking transfer, the purchase price paid and the fact that both parties had consented to the transfer;
- (c) handing the permit in question to the person taking transfer.

ERECTION OF BUILDINGS, FENCES, OUT-BUILDINGS OR OTHER STRUCTURES.

25. (1) The holder of a site permit shall, within three months from the date of issue of a site permit to him, commence with the erection on the site of a dwelling in accordance with the plan attached to his site permit; he shall proceed with the building work expeditiously and shall complete the same within a period of twelve months from the date on which the permit was issued to him; provided, however, that the Committee may, for good cause shown, extend either of or both these periods. In the event of a breach of the provisions of this regulation, the Council may —

- (a) extend the term by a given period; or
- (b) enter upon the site and erect or complete the approved buildings and recover the costs from the holder of the site permit; or
- (c) cancel the permit, subject to the holder's rights to compensation for improvements, and re-allocate the site to some other suitable applicant.

(2) The holder of a site permit shall within three months (which period may be extended by the Committee for good cause shown and at its discretion) carry out any written instruction given to him by the Superintendent, acting upon a report by the Medical Officer of Health or by the Engineer, to the effect that he shall, for good and sufficient reasons, repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outbuilding, fence or other structure; provided that such instruction shall be accompanied by a written offer by the Council to advance to the holder the materials required to carry out the instruction, upon such conditions regarding interests and redemption as are laid down in these regulations.

(3) No room wholly or partly used by human beings for sleeping purposes shall be occupied by a greater number of persons than will allow four hundred cubic feet of free air space and forty square feet of floor space for each person of or over the age of ten years, and two hundred cubic feet of free air space and twenty square feet of floor space for each person under the age of ten years; provided that under no circumstances shall any latrine or any passage, staircase, landing or cupboard or any outbuildings, garage, stable, tent, storeroom, leanto, shed, cellar or loft be used for sleeping purposes by any human being unless its use for that purpose has been approved by the Council.

(4) No dwelling the estimated cost of which, together with that of the normal outbuildings, amounts to less than R200, may be erected in the location.

(5) No building or structure other than one dwelling house, with the customary outbuildings, may be erected on any site.

(6) No material which has not been approved by the Council or its officials, may be used in the erection or alteration of any dwelling or outbuilding. The Council has the right to require the holder of the site permit to purchase all the materials used for this purpose either from the Council at cost, or from a dealer in building materials, selected from a list of such dealers approved by the Council, and every permit holder shall likewise

perseelpermit het insgelyks die reg om die materiaal of van die Raad of van 'n handelaar in boumateriaal gekies uit 'n lys van sodanige handelaars, aan te koop.

(7) Daar mag geen hout-en-sink- of soortgelyke geboue of geboue van rou stene, modder of klei opgerig word nie.

(8) Elke huis en buitegeboue moet aan die goedgekeurde plan wat aan die perseelpermit geheg is, of aan enige latere plan wat deur die Raad of sy beamptes goedgekeur is, asook aan die bepalings van hierdie regulasies, voldoen. Alle bouwerk wat deur of namens 'n houer van 'n perseelpermit of bewoningssertifikaat verrig word, moet ondersoek word deur, en onder toesig staan van sodanige beamptes van die Raad as wat die Raad aanwys, en mag slegs deur bevoegde bouwerkers wat deur die beamptes goedgekeur is, verrig word, en die houer van die perseelpermit of bewoningssertifikaat en/of die bouer moet, wanneer hy/hulle die bouwerk verrig, alle opdragte en voorskrifte wat sodanige beamptes aan hom/hulle uitreik, nakom. Die houer van 'n perseelpermit of bewoningssertifikaat moet ten opsigte van, en ter vergoeding vir, die toesig wat die Raad aldus oor die bouwerk laat hou, 'n bedrag gelyk aan 2 persent van die koste van die huis en buitegeboue wat hy op sy perseel opgerig het, aan die Raad betaal.

(9) 'n Huis, buitegebou of heining, of enige verandering daarvan of aanbousel daaraan wat nie aan die goedgekeurde planne voldoen nie, of wat nie ooreenkomstig hierdie regulasies onder toesig opgerig is nie, of wat nie met materiaal deur die Raad goedgekeur opgerig is nie, en enige gebou, behalwe een huis, tesame met die gebruikelike buitegeboue, wat op een perseel staan, kan deur die Raad op koste van die houer van die perseelpermit, en sonder om vergoeding daarvoor te betaal, gesloop word.

(10) Die houer van die perseelpermit of bewoningssertifikaat moet, nadat 'n huis of buitegeboue, of enige verandering daarvan of aanbousel daaraan, voltooi is, die Superintendent daarvan verwittig en die Superintendent moet, nadat hy 'n sertifikaat van die geneeskundige gesondheidsbeampte of van die ingenieur ontvang het dat die huis en/of buitegeboue ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasie voltooi is, en geskik is vir bewoning, 'n verklaring dienoreenkomstig uitreik. Die Superintendent moet binne drie dae nadat hy van die houer van die perseelpermit of bewoningssertifikaat kennis ontvang het dat die huis en/of buitegebou voltooi is, sodanige houer in kennis stel of gencemde huis en/of buitegeboue ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies voltooi is.

(11) Die geregistreerde houer van die perseelpermit of bewoningssertifikaat is gedurende die hele termyn daarvan self verantwoordelik vir die onderhoud van en die herstelwerk aan enige huis en/of buitegeboue wat op die perseel opgerig is, en moet gedurende die hele termyn sodanige huis en buitegeboue in 'n goeie en bewoonbare toestand onderhou.

BEWONINGSERTIFIKATE.

26. (1) Die Raad kan self wonings in die lokasie oprig of verkry en die reg van bewoning daarvan aan geskikte applikante van die hand sit.

(2) Iedereen wat 'n gesinshoof is en die reg op bewoning wil verkry ten opsigte van 'n woning in subregulasie (1) genoem, moet persoonlik by die Superintendent om 'n sertifikaat aansoek doen.

(3) Sodra die Superintendent daarvan oortuig is dat —

- (a) 'n geskikte woning beskikbaar is;
- (b) die applikant *mutatis mutandis* voldoen aan die vereistes genoem in paragrawe (b), (c), (d), (e), (f) en (h) van subregulasie (2) van regulasie 22;
- (c) die applikant finansieel daartoe in staat en gewillig is om vir die reg van bewoning van die woning te betaal; en
- (d) die applikant 'n verkooporeenkoms wesenslik in die vorm van Bylae VII met die Raad aangegaan het,

have the right to purchase the materials either from the Council or from a dealer in building materials, selected from a list of such dealers.

(7) No buildings of wood and iron or similar structures, or buildings constructed from raw bricks, mud or clay shall be erected in the location.

(8) Every dwelling and outbuilding shall conform to the approved plan attached to the site permit, or to any subsequent plan approved by the Council or its officials, and also to the requirements of these regulations. All building work carried out by or on behalf of the holder of a site permit or residential certificate, shall be inspected and supervised by such of its officials as the Council may appoint for this purpose, and shall be carried out by capable building workers approved by the said officials only. The holder of a site permit or residential certificate and/or the builder shall, when he/they are engaged in building activities, comply with all instructions and directions of such officials. The holder of a site permit or residential certificate shall pay to the Council an amount equal to 2 per cent of the cost of the dwelling and outbuildings erected on the site by him, in respect of and in payment for the supervision of the building work by the Council.

(9) Any dwelling, outbuilding or fence, or any alteration thereof or addition thereto which does not conform to the approved plans, or which has not been erected under supervision in terms of these regulations, or which has been erected with materials not approved by the Council, and any building other than one dwelling with the customary outbuildings which has been erected on one site, may be demolished by the Council at the expense of the holder of the site permit and without any obligation to pay compensation in respect thereof.

(10) The holder of a site permit or residential certificate shall, after the completion of any dwelling or outbuildings or of any alteration thereof or addition thereto, report such completion to the Superintendent, who shall, on receipt of a certificate from the Medical Officer of Health or the Engineer to the effect that the dwelling and/or outbuildings has been completed in terms of these regulations and is fit for occupation, issue a statement accordingly. The Superintendent shall, within three days of his having received notification of the completion of the dwelling and/or outbuildings from the permit holder, inform such permit holder whether such dwelling and/or outbuildings have been erected in terms of the provisions of these regulations.

(11) The registered holder of the site permit or residential certificate shall, during the whole of the currency thereof, be held personally responsible for the maintenance of, and any repairs to any dwelling and/or outbuildings erected on the site, and shall at all times during such currency, keep such dwelling and outbuildings in a proper and habitable state of repair.

RESIDENTIAL CERTIFICATES.

26. (1) The Council may erect or acquire dwellings in the location and may dispose of the right of occupation in respect thereof to suitable applicants.

(2) Any person who is the head of a family and is desirous of obtaining the right of occupation of a dwelling referred to in sub-regulation (1), shall apply in person to the Superintendent for a certificate.

(3) The Superintendent, upon being satisfied that —

- (a) a suitable dwelling is available;
- (b) the applicant conforms *mutatis mutandis* to the requirements of paragraphs (b), (c), (d), (e), (f) and (h) of sub-regulation (2) of regulation 22;
- (c) the applicant is financially able and willing to pay for the right of occupation of the dwelling;
- (d) the applicant has entered into an agreement of sale substantially in the form of Schedule VII with the Council, signed by the Manager and the Superintendent;

moet hy namens die Raad en behoudens hierdie regulasies, 'n sertifikaat, wesenlik in die vorm in Bylae III van hierdie regulasies uiteengesit, aan sodanige applikant uitreik; met dien verstande dat wanneer die applikant iemand onder die ouderdom van 18 jaar is, die sertifikaat op naam van die voog van die minderjarige in trust vir sodanige minderjarige vir die res van sy minderjarigheid uitgereik moet word.

(4) 'n Sertifikaat —

- (a) verleen aan die sertifikaathouer die reg op die uitsluitende gebruik en bewoning, tesame met sy gesin, maar behoudens hierdie regulasies, van die woning wat daarin beskryf word en die perseel waarop so 'n woning geleë is, vir 'n tydperk wat die Raad na goeddunke bepaal maar vir hoogstens dertig jaar van die datum van uitreiking daarvan; met dien verstande dat waar die applikant vir sodanige sertifikaat nie wettig in die stadsgebied in diens was of nie die een of ander wettige ambag of beroep daarin beoefen het of nie opleiding vir of onderrig in die een of ander wettige ambag of beroep daarin ontvang het vir vyf jaar onmiddellik voor die datum van die aansoek nie, bewoning van sodanige perseel op 'n maandelikse basis geskied;
- (b) moet 'n beskrywing bevat van die betrokke woning en die perseel waarop sodanige woning geleë is; en
- (c) moet die persoon aandui aan wie dit uitgereik is.

(5) Daar word geag dat daar aan 'n applikant aan wie 'n sertifikaat uitgereik is kragtens subregulasie (3) en wat nie die volle koopprys van die bewoningsreg betaal het nie, 'n lening deur die Raad toegeken is vir die onbetaalde gedeelte van die koopprys en die bepaling van regulasie 27 is *mutatis mutandis* van toepassing soos in die geval van 'n lening wat deur die Raad toegeken word.

(6) Alle gelde of ander vorderings wat verskuldig is ten opsigte van 'n woning wat kragtens hierdie regulasie verkoop word, is vooruitbetaalbaar voor of op die sewende dag van elke maand met ingang van die datum van die uitreiking van die sertifikaat.

TOESTAAN VAN WOONINGBOULENINGS EN DIE VOORWAARDES EN BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN DIE TERUGBETALING DAARVAN.

27. (1) Die Raad kan, na goeddunke, op aansoek van die houer van 'n perseelpermit of bewoningsertifikaat, aan hom 'n boulening toestaan van hoogstens 80 persent van die waarde van die voorgestelde gebou nadat dit voltooi is (soos geraam deur die ingenieur volgens die planne wat vir goedkeuring voorgelê is) of in die geval van 'n bewoningsertifikaat van die koopprys van die reg van bewoning van die huis.

(2) Voorskotte kan toegestaan word ooreenkomstig dié vordering van die boubedrywigheede en op grond van maandelikse sertifikate van die ingenieur waarin hy die waarde van die werk wat verrig is, aangee; die voorskot moet so na as moontlik ooreenkom met die werklike koste van die werk wat verrig is. Die Raad sal die koste van boumateriaal wat verskaf word, regstreeks aan die betrokke bouer betaal, mits gedetailleerde fakture ingedien word.

(3) Die Raad kan, met die oog op besparing, reëlings tref dat handelaars in boumateriaal by wyse van tenders die boumateriaal teen 'n bepaalde prys lewer. Een van die voorwaardes ten opsigte van 'n lening wat ingevolge hiervan toegestaan word, is dat die Raad kan eis dat alle boumateriaal of deur 'n goedgekeurde handelaar in boumateriaal, gekies uit 'n lys van sodanige handelaars deur die Raad goedgekeur, op 'n skrifteike rekwisisie deur die Raad ten behoewe van die inboorling, gelewer moet word, of dat die Raad self sodanige materiaal moet lewer.

(4) Voorskotte ten opsigte van lenings geskied teen 'n rentekoers wat die Raad van tyd tot tyd by wyse van besluit kan vasstel, maar sodanige rente mag nie meer as $\frac{1}{4}$ persent hoër wees as die rente wat die Raad betaal op enige lening wat gesluit is om sodanige boulenings te finansier nie. Die rente word maandeliks vooruit bereken op die saldo van die lening wat dan nog verskuldig is.

shall issue to the applicant, on behalf of the Council and subject to these regulations, a certificate substantially in the form set out in Schedule III to these regulations; provided that, in the event of the applicant being under the age of 18 years, the certificate shall be issued in the name of the guardian of the minor in trust for such minor for the remainder of the period of his minority.

(4) A certificate —

- (a) confers upon the holder thereof the right to the sole use and occupation, together with his family, but subject to the provisions of these regulations, of the dwelling described therein and the site upon which such dwelling is situated, for a period to be determined by the Council in its discretion but not exceeding thirty years from the date of issue thereof; provided that, where the applicant for such certificate has, for a period of five years immediately preceding such application, not been in lawful employment within the urban area, or has not been following some lawful trade or occupation therein, or has not been undergoing training or instruction in any lawful trade or occupation therein, the occupation of such site shall be granted on a monthly basis only;
- (b) shall contain a description of the dwelling concerned of the site upon which such dwelling is situated; and
- (c) shall indicate the person to whom it has been issued.

(5) An applicant to whom a certificate has been issued in terms of sub-regulation (3) and who has not paid the full purchase price in respect of the right of occupation, shall be deemed to have received a loan from the Council for the unpaid portion of the purchase price, and the provisions of regulation 27 shall *mutatis mutandis* apply as in the case of a loan actually granted by the Council.

140. Undertakers and their servants and all persons working within the cemetery shall be subject to the control of the Superintendent or of the officer or other person for the time being placed in charge of the cemetery by the Council.

ERECTION OF MONUMENTS ETC.

141. (1) No tombstone, monument, rail, fence, chain or other like erection shall be placed, or any mound be permitted to be made in any part of the cemetery and no planting of trees shall be permitted therein, without the written consent of the Superintendent first obtained.

(2) No inscription or design shall be placed or engraved upon any monument or tombstone until the same shall have been approved by the Superintendent.

(3) Enige persoon wat werk verrig in verband met die oprigting van monumente, grafstene, randstene, of enige soortgelyke werk, moet by voltooiing daarvan die grond of graf waarop of waaraan hy gewerk het, skoonmaak deur alle orige grond, klippe, fyn klipies of ander materiaal of puin te verwyder, en moet die plek in 'n skoon en netjiese toestand laat.

HERSTELWERK EN SKOONMAAK.

142. (1) Elke grafsteen, monument, reling, heining, ketting of ander oprigting binne die kerkhof moet deur die persoon wat vir die oprigting daarvan verantwoordelik is, in goeie orde gehou word.

(2) Ingeval enige grafperseel, grafsteen, monument, reling, heining, ketting of ander oprigting in 'n vervalde toestand is of reparasie nodig het, moet die persoon wat vir die oprigting daarvan verantwoordelik is, daarvan in kennis gestel word en moet hy aangesê word om die nodige werk of herstelwerk uit te voer. Indien hy in gebreke bly om sodanige werk binne 12 maande na die datum van sodanige kennisgewing uit te voer, kan die werk of herstelwerk deur die Superintendent op die koste van die persoon wat verantwoordelik is vir die oprigting daarvan uitgevoer word of indien sodanige persoon nie gevind kan word nie, kan die onderhouds- of herstelwerk op koste van die Raad uitgevoer word, met dien verstande dat, indien die persoon op enige tydstip daarna gevind word, hy die koste daarvan moet betaal.

VERWYDERING VAN ONKRUID.

143. Geen persoon wat 'n graf skoonmaak, mag enige gras, onkruid of ander vullis op enige pad of voetpad of op enige aangrensende grafperseel gooi of neersit nie, maar moet dit verwyder en dit in die bakke wat vir dié doel verskaf is, plaas.

BOME EN STRUIKE.

144. Geen boom mag op enige grafperseel geplant word nie, maar klein struike, plante of blomme mag op enige graf geplant of geplaas word, met dien verstande dat die Raad hom die reg voorbehou om enige struik, plant of blom te eniger tyd te snoei, af te sny of uit te grawe en te verwyder, indien dit na sy mening onooglik of te ruig is.

TOEGANGSTYDE.

145. Die kerkhof sal op alle dae van die week, gedurende die ure wat die Raad vasstel, vir die publiek oop wees. Besoekers mag die kerkhof slegs deur die toegangshekke binnegaan of verlaat, en moet slegs op die paadjies bly en mag op geen graf loop of trap nie.

ONGEMAGTIGDE VERWYDERING.

146. Geen grafsteen, monument, reling, randsteen of ander oprigting of toebehoorsel, of enige gedeelte daarvan, mag sonder die toestemming van die Bestuurder verwyder of uit die kerkhof wegeneem word nie.

VERWYDERING VAN PERSONE.

147. Die Superintendent mag enige persoon verwyder of laat verwyder wat blomme pluk, 'n dier binne die kerkhof bring, bestellings in die kerkhof werf, enige bepaling van hierdie regulasies oortree, hom in die kerkhof wangedra of enige besoeker of amptenaar van die Raad op 'n onbeleefde wyse aanspreek.

HONDE EN ANDER DIERE.

148. Niemand mag 'n hond of ander dier na 'n kerkhof bring of toelaat dat dit daarin rond dwaal nie. Enige hond of ander dier wat in 'n kerkhof gevind word, kan deur die Raad geskiet of doodgemaak word sonder dat aan die eienaar daarvan enige vergoeding betaal word.

VORDERINGS EN GELDE.

149. Die vorderings en gelde wat aan die Raad betaal moet word, is soos in Bylae V van hierdie regulasies voorgeskryf, en moet ten tyde van die indiening van die begrafniskennisgewing betaal word.

(3) Any person engaged in the erection of monuments, tombstones, kerbing or any work of a similar nature, shall on the completion thereof clear up the ground or grave on which he shall have been employed, by the removal of any remaining soil, stone, chippings or other material or debris, and shall leave the place clean and tidy.

REPAIRS AND CLEANING.

142. (1) Any tombstone, monument, rail, fence, chain or other erection within the cemetery shall be kept in good order and repair by the person responsible for the erection of such tombstone, monument, rail, fence, chain or other erection.

(2) in the event of any grave plot, tombstone, monument, rail, fence, chain or other erection being in bad order or in want of repair, the person responsible for the erection thereof shall be notified of the fact and required to execute the necessary work or repairs and on failure by him so to do within twelve months from the date of such notice, the work or repairs may be effected by the Superintendent at the expense of the person responsible for the erection thereof, or if such person cannot be found, the work of maintenance or repair may be done at the Council's expense, provided that if such person is at any time subsequently found, he shall pay the expenses thereof.

REMOVAL OF WEEDS.

143. No person, in cleaning any grave, shall deposit or throw any grass, weeds or material on any road or path or adjoining plots, but shall remove the same or place it in receptacles provided for the purpose.

TREES AND SHRUBS.

144. No trees shall be planted on any grave plots but small shrubs, plants or flowers may be placed or planted on any grave, the Council reserving the right to prune, cut down or dig up and remove any shrub, plant or flower at any time when in its opinion the same has become unsightly or overgrown.

HOURS OF ADMISSION.

145. The cemetery shall be open to the public every day of the week during such hours as the Council may determine. Visitors shall enter and depart only by the entrance gates, and shall confine themselves to the walks and shall not walk on or step onto any grave.

WRONGFUL REMOVALS.

146. No tombstone, monument, railing, kerbing or other erection or fitting or any part thereof, shall be removed or taken out of the cemetery without the consent of the Manager.

REMOVAL OF PERSONS.

147. The Superintendent shall be empowered to remove or cause to be removed any person who may pick any flowers, bring any animal into the cemetery, solicit orders within the cemetery, or shall commit any breach of these regulations, or shall be guilty of misconduct in the cemetery, or shall speak with incivility to any visitor or any officer of the Council.

DOGS AND OTHER ANIMALS.

148. No person may bring any dog or other animal into any cemetery or allow the same to wander therein. Any dog or other animal found in a cemetery may be shot or destroyed by the Council without the obligation of compensating the owner thereof in any manner.

CHARGES AND FEES.

149. The charges and fees payable to the Council shall be in accordance with the tariff contained in Schedule V to these regulations, and shall be paid at the time of giving burial notice.

MISDRYWE EN STRAFBEPALINGS.

150. Enigeen wat die bepalings van regulasies 134, 135, 139, subregulasie (1), (2) of (3) van regulasie 141, regulasie 143 of 146 oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is strafbaar met die strawwe voorgeskryf in artikel 36 van die Proklamasie.

OFFENCES AND PENALTIES.

150. Any person contravening or failing to comply with the provisions of regulations 134, 135, 139, sub-regulation (1), (2) or (3) of regulation 141, regulation 143 or 146, shall be guilty of an offence and shall be subject to the penalties prescribed in section 36 of the Proclamation.

BYLAE I.

DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.

INBOORLINGLOKASIE.

WOONPERMIT.

Datum:

Toestemming word hierby verleen aan:

Naam
Geslag Ouderdom
Dienskontrak No. Werkgewer
Werkgewer se Adres
Stam Gebied

om, tesame met ondergenoemde lede van sy/haar gesin, dorpsbestuur huis No., Inboorlinglokasie, te bewoon, behoudens die bepalings van die lokasieregulasies en betaling van 'n maandelikse huur van rand sent, verskuldig en vooruitbetaalbaar op die eerste dag van elke maand.

Name en ouderdomme van kinders of ander afhanklikes:

Manlik

Vroulik

.....
.....
.....

Handtekening of regterduim-afdruk van houer.

Superintendent.
Inboorlinglokasie.

BYLAE II.

DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.

INBOORLINGLOKASIE.

PERSEELPERMIT.

Datum:

Toestemming word hierby verleen aan:

Naam
Geslag Ouderdom
Dienskontrak No. Werkgewer
Werkgewer se Adres
Stam Gebied

om, tesame met ondergenoemde lede van sy/haar gesin, dorpsbestuur perseel No., Inboorlinglokasie, te bewoon, behoudens die bepalings van die lokasieregulasies en betaling van 'n maandelikse huur van rand sent, verskuldig en vooruitbetaalbaar op die eerste dag van elke maand.

Vrou se naam

Name en ouderdomme van kinders of ander afhanklikes:

Manlik

Vroulik

.....
.....
.....

Handtekening of regterduim-afdruk van houer.

Superintendent.
Inboorlinglokasie.

SCHEDULE I.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.

NATIVE LOCATION.

RESIDENTIAL PERMIT.

Date:

Permission is hereby granted to:—

Name
Sex Age
Service Contract No.: Employer
Employer's address
Tribe Territory

to occupy, together with the undermentioned members of his/her family, Village Management Board dwelling no.:, Native Location, subject to the provisions of the Location Regulations and to the payment of a monthly rental of rands, cents, due and payable in advance on the first day of each month:—

Names and ages of children or other dependants:—

Male

Female

.....
.....
.....

Signature or right thumb print of holder.

Superintendent.
Native location.

SCHEDULE II.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.

NATIVE LOCATION.

SITE PERMIT.

Date:

Permission is hereby granted to:—

Name
Sex Age
Service Contract No.: Employer
Employer's address
Tribe Territory

to occupy, together with the undermentioned members of his/her family, Village Management Board Site no.:, Native Location, subject to the provisions of the Location Regulations and to the payment of a monthly rental of rand, cents, due and payable in advance on the first day of each month:

Wife's name

Names and ages of children or other dependants:—

Male

Female

.....
.....
.....

Signature or right thumb print of holder.

Superintendent.
Native Location.

BYLAE III.

DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.

INBOORLINGLOKASIE.

BEWONINGSERTIFIKAAT.

Hierby word gesertifiseer dat die reg op bewoning van munisipale woning, tipe No. wat 'n -kamerhuis is, gebou van geleë op perseel No.-straat-lokasie/ verkoop is teen 'n bedrag van R..... Nadat die deposito van R..... behoorlik betaal is, is die maandelikse paaiemente van R..... en die perseelhuurgeld van R..... by die kantoor van die Superintendent maandeliks vooruitbetaalbaar.

Vrou se naam

Name en ouderdomme van kinders of ander afhanklikes:

Manlik

Vroulik

.....

Handtekening of regterduim-
 afdruk van sertifikaathouer.

.....
 Superintendent.
 Inboorlinglokasie.

SCHEDULE III.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.

NATIVE LOCATION.

RESIDENTIAL CERTIFICATE.

It is hereby certified that the right of occupation in respect of municipal dwelling, type no., being a roomed house, built of situated on site no., street, Location, has been sold at an amount of R After due payment of the deposit of R the monthly payments of R each and the site rental of R are payable monthly in advance at the office of the Superintendent.

Name of wife

Names and ages of children or other dependants:—

Male

Female

.....

.....
 Signature or right thumb print
 of certificate holder.

.....
 Superintendent.
 Native Location.

BYLAE IV.

DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.

INBOORLINGLOKASIE.

LOSEERDERSPERMIT.

Datum:
 Toestemming word hierby verleen aan:—

Naam Ouderdom

Geslag Stam

Dienskontrak No. Werkgewer

om in die Inboorlinglokasie te woon in/op huis/perseel No. geregistreer op naam van

Die volgende lede van sy/haar gesin is, uit hoofde van hierdie permit, geregtig om by hom/haar te woon:—

.....

Hierdie permit verstryk op die laaste dag van die maand ten opsigte waarvan dit gestempel is en moet binne sewe dae daarna hernieu word.

Handtekening of regterduim-
 afdruk van loseerder.

Handtekening of regterduim-
 afdruk van geregistreeerde
 bewoner.

.....
 Superintendent.
 Inboorlinglokasie.

SCHEDULE IV.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.

NATIVE LOCATION.

LODGERS PERMIT.

Date:
 Permission is hereby granted to:—

Name Age

Sex Tribe

Service Contract No.: Employer

to reside in the Native Location in/on house/site no. registered in the name of

The following members of his/her family are, by virtue of this permit, permitted to reside with him/her:—

.....

This permit expires on the last day of the month in respect of which it has been stamped and must be renewed within seven days thereafter.

.....
 Signature or right thumb print
 of lodger.

.....
 Signature or right thumb print
 of registered occupier.

.....
 Superintendent.
 Native Location.

BYLAE V.
DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.

TARIEF VAN HUUR, GELDE EN VORDERINGS.

Betaalbaar t.o.v. Aranós Inboorlingdorp.

1. *Huur van woonpersele:*
Slegs persele sonder 'n munisipale woning daarop, insluitende dienste, maar met uitsluiting van items onder tarief 5, per maand, of gedeelte van 'n maand R1.00
2. *Huur van besigheidspersele (slegs perseel)*
Persele vir besigheidsdoeleindes per maand of gedeelte van 'n maand R2.00
3. *Huur van huise:*
 - (a) Vierkamer-wonings per maand of 'n gedeelte van 'n maand R4.00
 - Vierkamer-wonings per maand of gedeelte van 'n maand met 'n stoof R4.30
 - (b) Driekamer-wonings per maand of gedeelte van 'n maand R1.65
 - (c) Tweekamer-wonings per maand of gedeelte van 'n maand R1.25
4. *Inwoning in hostelle:*
 - (a) Per persoon in 2-persoonskamers per maand R1.50
 - Per persoon in 16-persoonskamers per maand R1.00
 - (b) Vir korter tye as a maand
Per persoon in 2-persoonskamers per dag R0.10
 - Per persoon in 16-persoonskamers per dag R0.08
5. *Waterverskaffing en sanitêre dienste:*
 - (a) Deur die houer van 'n woonpermit maandeliks R0.20
 - (b) Deur die houer van 'n loseerderspermit maandeliks R0.10
6. *Besoekerspermitte:*
Betaalbaar deur die houer van 'n besoekerspermit of 'n persoon wat so 'n permit moet hou.
Vir hoogstens twee-en-sewentig uur Vry
Vir langer as twee-en-sewentig uur, maar hoogstens sewe dae: 10c per persoon ouer as 12 jaar.
Vir langer as sewe dae maar hoogstens dertig dae: 20c per persoon ouer as 12 jaar.
Daarna vir elke tydperk van dertig dae of deel daarvan: 20c per persoon ouer as 12 jaar.
7. *Loseerderspermitte:*
Betaalbaar ingevolge regulasie 31 van Hoofstuk II R0.35
8. *Begrafnisgelde:*
Vir die aankoop van 'n grafuimte soos voorgeskryf in regulasie 131 (a) en (b) R0.25
9. *Verwydering van dooie diere:*
Waar vasgestel kan word wie die eienaar van die dooie dier is R0.50

BYLAE VI.
DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.
INBOORLINGLOKASIE.
HANDELSPERSEELPERMIT.

Toestemming word hierby verleen aan:—

Naam
Geslag
Dienskontrak No.
Stam

SCHEDULE V.
VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.

TARIFF OF RENTS, FEES AND CHARGES.

Payable in respect of Aranós Native Township.

1. *Rental for residential sites:*
Sites only, without a V.M.B house thereon, including services, but exclusive of items under tariff 5, per month or part thereof R1.00
2. *Rental for business sites (Sites only):*
Sites for business purpose, per month or part thereof R2.00
3. *Rental for houses:*
 - (a) Four-roomed houses, per month or part thereof R4.00
 - (b) Four-roomed houses, per month or part thereof with stove R4.30
 - (c) Three-roomed houses, per month or part thereof R1.65
 - (d) Two-roomed houses, per month or part thereof R1.25
4. *Accommodation in Hostels:*
 - (a) Per person in rooms for 2 persons, per month R1.50
 - Per person in rooms for 16 persons, per month R1.00
 - (b) For periods of less than one month
Per person in rooms for 2 persons, per day R0.10
 - Per person in rooms for 16 persons, per day R0.08
5. *Water supply and sanitary services:*
 - (a) By the holder of a residential permit monthly R0.20
 - (b) By the holder of a lodgers permit monthly R0.10
6. *Visitors Permits:*
To be paid by the holder of a visitors Permit or the person required to hold such permit.
For not longer than seventy-two hours Free
For longer than seventy-two hours but not exceeding seven days: 10c per person over the age of 12 years.
For longer than seven days but not exceeding thirty days: 20c per person over the age of 12 years.
There after for every period of thirty days or portion thereof: 20c per person over the age of 12 years.
7. *Lodgers' Permits:*
Payable in terms of Regulation 31 of Chapter II R0.35
8. *Burial Fees:*
For the purchase of a grave space as prescribed in regulation 131 (a) and (b) R0.25
9. *Removal of dead animals:*
Where the identity of the owner of the dead animal can be determined R0.50

SCHEDULE VI.
VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.
NATIVE LOCATION.
TRADING SITE PERMIT.

Permission is hereby granted to:—

Name
Sex
Service Contract No.
Tribe

om handel te dryf behoudens die bepalings van die regulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing No. van op perseel/tafel/standplaas/stalletjie No. teen 'n insluitende maandelikse huurgeld van R..... op die eerste dag van elke maand vooruitbetaalbaar.

Die doel waarvoor hierdie permit uitgereik word, is

Handtekening of regterduim-
afdruk van houer.

Superintendent.
Inboorlinglokasie.

BYLAE VII.

DORPSBESTUUR MALTAHÖHE.

AFDELING NIE-BLANKESAKE.

VERKOOPOOREENKOMS.

OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN DIE
DORPSBESTUUR VAN WITVLEI.

(Hieronder genoem die „Raad’’) aan die een kant
en
(Hieronder genoem die „Koper’’) aan die ander kant.

NADEMAAL die Koper by die Raad aansoek gedoen het om aan hom die reg van bewoning van 'n sekere woonhuis, geleë op die gedeelte van die grond bekend as perseel No. -straat, in die Inboorlinglokasie te Maltahöhe, te verkoop;

EN NADEMAAL die Raad toegestem het om dit te doen en om die Koper toe te laat om die koopprys, en die rente daarop, in paaiemente te betaal, en daar ooreengekom is dat genoemde woonhuis die eiendom van die Raad is en bly tot tyd en wyl die volle koopprys betaal is;

SO IS DIT dat hierdie dokument verklaar dat die partye hierby die volgende ooreenkoms aangegaan het, naamlik:—

I.

Die Raad onderneem hierby om die reg van bewoning van die woonhuis geleë op genoemde perseel No. in die Inboorlinglokasie te Maltahöhe te verkoop aan die Koper, wat hierby onderneem om dit te koop.

II.

Die koopprys van genoemde woonhuis is die som van R..... (.....), wat, tesame met rente teen 'n koers van% per jaar, bereken aan die einde van elke maand op die onbetaalde saldo van die koopprys, op die volgende wyse deur die Koper betaal moet word:—

- 'n Storting van R..... aan kontant by onder-tekening van hierdie ooreenkoms;
- Die saldo in maandelikse paaiemente van R.....;
- Sodanige betalings moet by die kantoor van gemaak word;
- Die kontantsorting moet op die dag van gedoen word, en alle paaiemente daarna moet op of voor die 7de dag van elke daaropvolgende maand betaal word;
- Benewens die maandelikse paaiemente hierbo genoem, moet die Koper die perseeluur genoem in paragraaf V hiervan en wat van tyd tot tyd by regulasie bepaal word, betaal. Die perseeluur tans

to trade on site/table/stand/stall no. subject to the provisions of the regulations promulgated by Administrator's Notice no. of at an inclusive monthly rental of R..... payable in advance on the first day of each month.

The purpose for which this permit has been issued, is that of

Signature or right thumb print
of holder

Superintendent.
Native Location.

SCHEDULE VII.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD MALTAHÖHE.

NON-EUROPEAN AFFAIRS DEPARTMENT.

MEMORANDUM OF SALE.

MEMORANDUM OF AGREEMENT MADE AND
ENTERED INTO BY AND BETWEEN THE
MANAGEMENT BOARD OF WITVLEI.

(hereinafter referred to as the “Council’’) on the one part; and
(hereinafter referred to as the “Purchaser’’) on the other part.

WHEREAS the Purchaser has applied to the Council to sell to him the right to occupy a certain dwelling house situated on that portion of land known as Site No. Street, in the Native Location at Maltahöhe,

AND WHEREAS the Council has agreed to do so and has agreed to allow the Purchaser to pay the purchase price and interest thereon in instalments, and it has been agreed that the said dwelling shall be and remain the property of the Council until such time as the full purchase price has been paid;

NOW THEREFORE these presents witness that the parties hereto have made and entered in to the following agreement, that is to say:—

I.

The Council hereby agrees to sell to the purchaser who hereby agrees to purchase the right to occupy the dwelling situated on the aforesaid Site no. in the Native Location at Maltahöhe.

II.

The purchase price of the said dwelling shall be the sum of R..... (.....), which shall be paid by the Purchaser together with interest at the rate of% per annum calculated at the close of each month on the unpaid balance of the said purchase price in the following manner:—

- a deposit of R..... in cash on the signing of this agreement;
- the remainder in monthly instalments of R.....
- such payments shall be made at he office;
- the cash deposit shall be made on the day of and all subsequent instalments on or before the seventh day of each succeeding month;
- in addition to the monthly instalments above provided, the Purchaser shall pay the site rentals referred to in paragraph V hereof, as laid down by regulation from time to time. The site rental at

van krag beloop die som van R..... per maand, en, tot tyd en wyl sodanige huurgelde gewysig word, is die totale maandelikse paaieiment ingevolge hierdie ooreenkoms betaalbaar die som van R..... waarvan R..... die paaieiment op die koopprys is en R..... die perseelhuur.

Wanneer die koopprys afbetaal is, bly net die perseelhuur betaalbaar.

III.

Die Koper kan te eniger tyd groter paaieimente as dié hierbo genoem, betaal, met dien verstande dat sodanige groter bedrae altyd veelvoudig moet wees van die maandelikse paaieimente wat ingevolge hierdie ooreenkoms betaalbaar is.

IV.

Die Koper kan te eniger tyd die volle saldo op die koopprys afbetaal, mits hy die Raad eers 'n maand kennis gee van sy voorneme om dit te doen.

V.

Daar word uitdruklik verstaan en ooreengekom dat die Koper nie, uit hoofde van hierdie ooreenkoms, enige eiendomsreg op die perseel waarop die woonhuis opgerig word of enige saaklike reg op sodanige grond kan verkry nie.

Die eiendomsreg op die grond word nie ingevolge hierdie ooreenkoms verkoop nie en bly op alle tye in die Raad gevestig, afgesien daarvan of die koopprys van die woonhuis ten volle betaal is of nie. Die Koper verstaan dus dat hy, solank hy geregtig is om die grond waarop die woonhuis staan, te bewoon, hy aan die Raad, ten opsigte van die gebruik en bewoning van die grond, sodanige huurgeld moet betaal as wat van tyd tot tyd by die regulasies wat op sodanige grond van toepassing is, voorgeskryf word. Die Koper verstaan voorts dat sodanige huurgeld bo en behalwe die genoemde paaieimente betaalbaar is en betaalbaar bly selfs nadat die koopprys ten volle afbetaal is.

VI.

Die huis bly die uitsluitlike eiendom van die Raad tot tyd en wyl voornoemde koopprys en rente, sowel as alle ander bedrae wat ingevolge hierdie ooreenkoms deur die Koper betaalbaar is of van hom gevorder kan word, betaal is. By volle betaling van genoemde koopprys, rente en ander bedrae soos voornoem, word voornoemde woonhuis (maar nie die grond waarop dit geleë is nie) egter die eiendom van die Koper.

VII.

Die Koper moet voornoemde woonhuis op alle tye in 'n goeie onderhoudstoestand hou. Tot tyd en wyl die koopprys, rente, koste en ander bedrae ingevolge hierdie ooreenkoms deur die Koper betaalbaar, ten volle vereffen is, behou die Raad hom die reg voor om, indien die woonhuis nie in 'n goeie onderhoudstoestand gehou word nie, die woonhuis te betree na skriftelike kennisgewing van een maand aan die Koper van sy voorneme om dit te doen, en om alle herstelwerk wat nodig geag word, op koste van die koper te laat uitvoer, en die koste moet op aanvraag deur hom aan die Raad betaal word.

VIII.

Die Raad behou hom die reg voor om die huis, op koste van die Koper, teen skade of verlies deur brand of storms te verseker.

IX.

Die Koper mag nie, sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van die Raad, enige byvoegings of veranderinge, van watter aard ook al, aan genoemde woonhuis aanbring nie.

X.

Die eiendom wat hierby verkoop word, mag slegs vir woondoelendes deur die koper gebruik word.

XI.

Die seëlregte op hierdie ooreenkoms moet deur die Koper betaal word.

present in force is the sum of R..... per month, and until such rental is varied the total monthly payment under this Agreement shall be the sum of R..... consisting of R..... being instalment on the purchase price and R..... the site rental.

When the purchase price has been paid off, only the site rental shall continue to be payable.

III.

The Purchaser shall at any time be entitled to pay larger instalments than those above provided on condition that such larger payments are always multiples of the monthly instalments payable under this Agreement.

IV.

The Purchaser shall at any time be entitled to pay the full balance of the purchase price provided that before doing so, he shall give the Council one month's notice of his intention to do so.

V.

It is expressly understood and agreed that the Purchaser shall not, by virtue of this Agreement, be entitled to acquire the ownership of the stand upon which the dwelling is erected or any real right in such land. The ownership in the land is not sold under this Agreement, and remains vested in the Council at all times, and this is so whether the purchase price of the dwelling has been paid off or not. The Purchaser therefore understands that as long as he is entitled to occupy the land on which the dwelling is situated he remains liable to pay to the Council such rental for the use and occupation of the land as may from time to time be prescribed by regulation applicable to the said land. The Purchaser further understands that such rental is payable in addition to the above instalments and continues to be payable even after the purchase price has been paid in full.

VI.

Until payment in full of the aforementioned purchase price and interest together with all other amounts payable by or claimable from the purchaser in terms of this agreement has been effected, the dwelling shall be and remain the sole and absolute property of the Council, but upon payment in full of the said purchase price, interest, and other amounts as aforesaid, the said dwelling (but not the land on which it is situated) shall become the property of the purchaser.

VII.

The Purchaser shall at all times be liable to keep and maintain the said dwelling in a good and proper state of repair and condition. Until the purchase price, costs, interest and other amounts payable by the purchaser in terms of this agreement, have been paid in full by him, the Council retains the right, should the dwelling not be kept in a proper state of repair, to enter upon the same after one month's written notice to the Purchaser of his intention to do so, and cause whatever repairs may be necessary to be effected at the cost and expense of the Purchaser, which costs shall become payable by him to the Council upon demand.

VIII.

The Council retains the right to insure the dwelling against risk of loss by fire, storm and tempest, at the cost and expense of the Purchaser.

IX.

The Purchaser shall not, without the express written consent of the Council, effect any additions or alterations to the said dwelling of any description whatsoever.

X.

The property hereby sold shall be used by the Purchaser solely for residential purposes.

XI.

The stamp duties on these presents shall be borne by the Purchaser.

XII.

By ondertekening hiervan moet 'n woonpermit ingevolge die bepalings van regulasie 23 van die lokasie-regulasies van die Dorpsbestuur van Maltahöhe aan die Koper uitgereik word en die Koper moet alle pligte en verpligtinge wat deur genoemde regulasies aan die houer van sodanige permit opgelê word, nakom. Die bepalings van die eersvolgende paragrawe XIII, XIV, XV, XVI en XVII is op die Koper van toepassing totdat hy die volle koopprys, sowel as alle ander bedrae deur hom aan die Raad verskuldig, betaal het.

XIII.

Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms beteken die uitdrukking „die Raad se belang” die totaal van die volgende bedrae wat op enige gegewe tydstip deur die Koper aan die Raad verskuldig is, nl.:

- (a) die saldo van die koopprys;
- (b) enige agterstallige huurgeld ten opsigte van die perseel waarop die huis geleë is;
- (c) gelde vir dienste wat wettiglik deur die Raad gehef word;
- (d) die koste van herstelwerk uitgevoer ingevolge paragraaf VII van hierdie ooreenkoms;
- (e) versekeringspremies ingevolge paragraaf VIII van hierdie ooreenkoms betaalbaar;
- (f) die koste wat in paragraaf XI van hierdie ooreenkoms genoem word;
- (g) die koste verbonde aan die uitsetting van die Koper deur die Raad;
- (h) die koste verbonde aan die verkoop van die woonhuis per openbare veiling of aan die verkryging van 'n beëdigde waardasie ingevolge paragraaf XV van hierdie ooreenkoms.

XIV.

Indien enigeen van die volgende dinge sou gebeur, naamlik:—

- (a) indien die Koper sou versuim om die perseelhuur binne die tyd by die lokasieregulasies bepaal, te betaal;
- (b) indien die Koper sou versuim om enige gelde ten opsigte van gelewerde dienste, deur die Raad gehef, te betaal binne 30 dae na die datum waarop 'n kennisgewing aan die hoofdeur van die woonhuis opgeplak is en waarin van hom vereis word om sodanige gelde te betaal;
- (c) indien die Koper agterstallig is met die betaling van die paaiemente op die koopprys en sou versuim om sodanige agterstallige paaiemente te betaal binne 30 dae na die datum waarop 'n kennisgewing aan die hoofdeur van die woonhuis opgeplak is en waarin van hom vereis word om sodanige agterstallige paaiemente te betaal;
- (d) indien enigeen van die gebeurlikhede voorval wat die Superintendent magtig om 'n woonpermit ingevolge die lokasieregulasies in te trek;
- (e) indien die Koper skuldig bevind word aan 'n oortreding van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede of van die regulasies daarkragtens afgekondig;
- (f) indien die Koper sy woonpermit ingevolge die Lokasieregulasies beëindig;

het die Raad die reg om sowel hierdie ooreenkoms as die Koper se woonregte op sodanige perseel en woonhuis, in te trek, en in dié geval val die volle besittreg van die woning en alle verbeterings daaraan, terug aan die Raad en die Koper is verplig om die woonhuis en die perseel onmiddellik te ontruim.

XV.

Ingeval die ooreenkoms ingevolge die voorgaande paragraaf ingetrek word, word die woonhuis, tesame met alle verbeteringe deur die Koper aangebring, na goeddunke van die Raad, of per openbare veiling verkoop aan 'n persoon wat, ingevolge die lokasieregulasies, aan die voorgeskrewe vereistes vir 'n permithouer voldoen en deur die Superintendent goedgekeur is, of deur 'n beëdigde

XII.

The Purchaser shall, on the signing hereof, be issued with a residential permit under the provisions of Regulation 23 of the Location Regulations of the Village Management Board of Maltahöhe and shall carry out and perform all the duties and obligations imposed by the said regulations on the holder of such permit. The provisions of the next succeeding paragraphs XIII, XIV, XV, XVI and XVII, shall apply to the Purchaser until he has paid the full purchase price and all amounts due by him to the Council.

XIII.

For the purpose of this Agreement the expression “Council's interest” shall mean the aggregate of any of the following amounts owing to the Council at any one time by the Purchaser, namely:—

- (a) the balance of the purchase price;
- (b) any arrear rent in respect of the site on which the dwelling is situated;
- (c) charges for services lawfully levied by the Council;
- (d) costs of repairs as provided in paragraph VII hereof;
- (e) Insurance premiums as provided in paragraph VIII hereof;
- (f) the costs referred to in paragraph XI hereof;
- (g) the costs incurred by the Council in ejecting the Purchaser;
- (h) the costs incurred by the Council in selling the dwelling house by public auction, or the cost of obtaining a sworn appraisal thereof as provided in paragraph XV below.

XIV.

Should any one of the following events take place, that is to say:—

- (a) should the Purchaser fail to pay the site rental within the time laid down by the Location Regulations;
- (b) should the Purchaser fail to pay any charges imposed by the Council in respect of services within 30 days of the posting up of a letter on the main door of the dwelling house requiring payment of such charges;
- (c) should the Purchaser be in arrear with his instalments on the purchase price and should he remain in default for a period of more than 30 days after the posting up of a letter on the main door of the dwelling house requiring him to pay such arrears;
- (d) should any of the circumstances occur which entitle the Superintendent to cancel a residential permit under the provisions of the Location Regulations;
- (e) should the Purchaser be convicted of contravening any of the Native (Urban Areas) Proclamation or the regulations promulgated thereunder;
- (f) should the Purchaser terminate his residential permit in terms of the Location Regulations;

then and in any of such events the Council shall be entitled to cancel this Agreement and the Purchaser's rights to the occupancy of the site and dwelling, in which event the said dwelling, together with all improvements made thereto, shall revert in full ownership to the Council, and the Purchaser shall be bound and obliged forthwith to vacate the dwelling and the site.

XV.

In the event of cancellation of the agreement in terms of the preceding paragraph the dwelling house, together with all improvements effected by the Purchaser, shall, at the option of the Council, either be sold by public auction to a person who qualifies to be a permit holder under the Location Regulations and is approved by the Superintendent or the said dwelling and improve-

waardeerder, deur die Raad aangestel, gewaardeer. Enige verskil tussen die opbrengs of die waardasie, na gelang van die geval, en die bedrag van die Raad se belang moet aan die Koper oorbetal word. Indien die opbrengs of die waardasie minder as die Raad se belang is, moet die Koper die tekort aan die Raad betaal. Ingeval die hoogste bod op die openbare veiling onvoldoende is om die Raad se belang te dek, het die Raad die reg om, indien hy dit verlang, die huis en verbeterings oor te neem asof dit teen dieselfde bedrag as die hoogste bod gewaardeer is.

XVI.

Ingeval van geregtelike beslaglegging op die Koper se regte ingevolge hierdie ooreenkoms, kan die Raad hierdie ooreenkoms as gekanselleer beskou en die regte waarop beslag gelê word, word beskou as die Koper se reg op die bedrag waartoe hy, ingeval van kansellasie, geregtig sou wees ingevolge paragraaf XV van hierdie ooreenkoms.

XVII.

Die Koper mag nie, sonder die skriftelike goedkeuring van die raad, die woonhuis of enige belang wat hy daarin het, verkoop, verhuur, verpand of dit op enige wyse beswaar of daarvan afstand doen nie. Alhoewel die Raad die volle reg het om sy toestemming te gee of te weier, verklaar die Raad hierby dat hy, in die gewone loop van sake, sy toestemming sal gee, mits —

- (a) die persoon aan wie dit die voorneme is om die woonhuis of die belang daarin oor te dra deur die Raad goedgekeur word; en
- (b) reëlings tot tevreedenheid van die Raad getref word om sy belang, soos in paragraaf XIII omskryf, te beskerm.

Die bepaling van hierdie paragraaf is ook van toepassing ingeval die Koper sterf en sy boedel die woonhuis of die belang daarin aan enige erfgenaam, voog van 'n erfgenaam of 'n ander Koper wil oordra, maar as die Koper se regte nie binne 6 maande na die dood van die Koper deur 'n goedgekeurde persoon oorgeneem word nie, kan die Raad hierdie ooreenkoms kanselleer, en in dié geval is die bepaling van paragraaf XV van toepassing.

XVIII.

Nadat die volle koopprys en alle ander bedrae deur hom aan die Raad verskuldig, deur die Koper betaal is, moet sy woonpermit deur 'n perseelpermit vervang word, en alle bepaling van die lokasieregulasies met betrekking tot perseelpermitte en die intrekking daarvan, is *mutatis mutandis* van toepassing op die perseelpermit wat ingevolge hierdie paragraaf aan die Koper uitgereik word, en die woonhuis en verbeteringe word beskou en behandel presies asof hulle in die eerste plek deur die Koper opgerig is. Die Koper moet alle pligte en verpligtinge wat by genoemde regulasies, soos van tyd tot tyd gewysig, aan die houder van 'n perseelpermit opgelê word, nakom, en indien hy versuim om sodanige verpligtinge na te kom, is die Koper strafbaar met al die strawwe en sanksies deur genoemde regulasies opgelê.

Aldus ooreengekom en geteken te Maltahöhe op die dag van 19.....

.....
Sekretaris.

AS GETUIES:

- 1.
- 2.

.....
Voorsitter.

Aldus ooreengekom en geteken te Maltahöhe op die dag van 19.....

AS GETUIES:

- 1.
- 2.

.....
Koper.

ments shall be valued by a sworn appraiser nominated by the Council. The difference, if any, between the amount realised or the amount of the valuation, as the case may be, and the amount of the Council's interest shall be paid over to the Purchaser. Should the amount realised or the valuation be insufficient to cover the Council's interest, the Purchaser shall be obliged to make good and pay to the Council the shortage. In the event of the highest bid at the public auction being insufficient to cover the Council's interest, the Council shall have the right, should it so wish, to take over the dwelling and improvements as if the same had been valued at the same amount as the highest bid.

XVI.

In the event of judicial attachment of the Purchaser's rights under this Agreement, the Council shall be entitled to regard this Agreement as being cancelled and the rights attached will be deemed to be the Purchaser's right to the amount to which he would, in the event of cancellation, be entitled under paragraph XV hereof.

XVII.

The Purchaser shall not be entitled to sell, let, pledge or otherwise encumber or dispose of the said dwelling or any interest therein without the written consent of the Council. Whilst the Council will have the absolute right to give or refuse its consent, the Council declares that, as a general rule, it will give its consent provided:—

- (a) the person to whom it is proposed to dispose of the dwelling or interest therein is approved by the Council; and
- (b) arrangements to the satisfaction of the Council are made to secure its interest as defined in paragraph XIII hereof.

The provisions of this paragraph shall also apply if, in the event of the death of the Purchaser, his Estate desires to dispose of the dwelling or interest therein to any heir, guardian of an heir or purchaser, but failing the taking over of the Purchaser's rights by an approved person within six months of the Purchaser's death, the Council may cancel this Agreement, in which event the provisions of paragraph XV shall apply.

XVIII.

When the Purchaser shall have paid the purchase price in full, together with all amounts due by him to the Council, his residential permit shall be replaced by a site permit, and all provisions of the location regulations applicable to site permits and the cancellation thereof shall *mutatis mutandis* apply to the site permit issued to the Purchaser under this paragraph, and the dwelling house with improvements shall be treated and dealt with in the same manner as if they had in the first instance been erected by the Purchaser. The Purchaser shall carry out and perform all the duties and obligations imposed by the said regulations, as amended from time to time, on the holder of a site permit, and failure to carry out such obligations shall render the Purchaser liable for all the penalties and sanctions imposed by the said regulations.

Thus agreed and signed at Maltahöhe on the day of 19.....

.....
Secretary.

AS WITNESSES:

- 1.
- 2.

.....
Chairman.

Thus agreed and signed at Maltahöhe on the day of 19.....

AS WITNESSES:

- 1.
- 2.

.....
Purchaser

No. 214.]

[15 November 1966

**BENOEMING VAN LEDE VAN DIE RAAD VAN
BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID.**

Dit behaag die Administrateur om ooreenkomstig artikel 3 (1) van die Ordonnansie op die beheer van die Suiwelnywerheid 1962 (Ordonnansie 29 van 1962) die volgende aanstellings as lede van die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid te doen vir die tydperke soos aangedui:

Dr. J. S. Watt as Voorsitter vanaf 1 Oktober 1966 tot 30 September 1968.

Mnr. A. J. Mouton as produsenteverteenwoordiger vanaf 1 Oktober 1966 tot 30 September 1968.

No. 215.]

[15 November 1966

**VISSERYE-ONTWIKKELINGSADVIESRAAD:
AANSTELLING VAN LEDE.**

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag om, ooreenkomstig die bepaling van artikel 16 (2) van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949), die volgende persone aan te stel as lede van die Visserye-ontwikkelingsadviesraad ingestel ingevolge artikel 16 (1) van genoemde ordonnansie, vir die tydperk eindigende 30 Junie 1968:

1. Die Sekretaris van Suidwes-Afrika of enige persoon wat in sy plek optree (Voorsitter).
2. Mnr. B. v. D. de Jager, of enige persoon wat vir hom waarneem.
3. Mnr. J. P. Mathews, of enige persoon wat vir hom waarneem.
4. Dr. G. M. Dreosti.
5. Mnr. F. W. K. P. Albrecht.
6. Mnr. M. S. Newman.
7. Mnr. P. J. C. Spamer.
8. Sy Edele Senator J. J. van Zyl.

No. 216.]

[15 November 1966

GESLOTE SEISOEN VIR KREEF.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (1) van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949) die vangs of versteuring van kreef binne en buite die territoriale waters van die Gebied soos volg te verbied:—

1. (a) In die gebied wat aan die suidekant begrens word deur 'n denkbeeldige lyn wat reg wes vanaf Diaspunt loop en aan die noordekant begrens word deur 'n denkbeeldige lyn wat reg wes vanaf Hottentotpunt loop, albei in die landdrostdistrik Luderitz, vanaf die eerste dag van Mei in elke jaar tot die een-en-dertigste dag van Januarie in die daaropvolgende jaar.
- (b) In die gebied wat aan die suidekant begrens word deur 'n denkbeeldige lyn wat reg wes vanaf Hottentotpunt loop en aan die noordekant begrens word deur 'n denkbeeldige lyn wat reg wes vanaf 'n bepaalde punt by Hollam's Bird-Eiland loop, albei in die landdrostdistrik Luderitz, vanaf die eerste dag van September in elke jaar tot die een-en-dertigste dag van Januarie in die daaropvolgende jaar.
- (c) In die gebied wat aan die suidekant begrens word deur 'n denkbeeldige lyn wat reg wes vanaf die noordelike oewer by die Oranjeriviermond loop en aan die noordekant begrens word deur 'n denkbeeldige lyn wat reg wes vanaf Diaspunt loop, albei in die landdrostdistrik Luderitz, vanaf die eerste dag van September tot die een-en-dertigste dag van Oktober in elke jaar.

No. 214.]

[15th November, 1966

**APPOINTMENT OF MEMBERS OF DAIRY INDUSTRY
CONTROL BOARD.**

The Administrator has been pleased in terms of section 3 (1) of the Dairy Industry Control Ordinance 1962 (Ordinance 29 of 1962) to make the following appointments to the Dairy Industry Control Board for the periods mentioned:—

Dr. J. S. Watt as Chairman from the 1st October, 1966, to the 30th September, 1968.

Mr. A. J. Mouton as Producers' Representative from the 1st October, 1966, to the 30th September, 1968.

No. 215.]

[15th November, 1966

**FISHERIES DEVELOPMENT ADVISORY BOARD:
APPOINTMENT OF MEMBERS.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased, in terms of section 16 (2) of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance 12 of 1949), to appoint the following persons to serve on the Fisheries Development Advisory Board, established pursuant to section 16 (1) of the said Ordinance, for the period ending 30 June 1968:

1. The Secretary for South West Africa or any person acting in his stead (Chairman).
2. Mr. B. v. D. de Jager or any person acting in his stead.
3. Mr. J. P. Mathews or any person acting in his stead.
4. Dr. G. M. Dreosti.
5. Mr. F. W. K. P. Albrecht.
6. Mr. M. S. Newman.
7. Mr. P. J. C. Spamer.
8. The Honourable Senator J. J. M. van Zyl.

No. 216.]

[15 November 1966

CLOSE SEASON FOR ROCK LOBSTER.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 2 (1) of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance 12 of 1949) to prohibit the catching or disturbing of rock lobster within and beyond the territorial waters of the Territory, as follows:—

1. (a) In the area bounded to the south by an imaginary line running due west from Diaz Point and bounded to the north by an imaginary line running due west from Hottentot Point, both in the magisterial district of Luderitz, between the first day of May in any year and the thirty-first day of January in the following year.
- (b) In the area bounded to the south by an imaginary line running due west from Hottentot Point and bounded to the north by an imaginary line running due west from a defined point at Hollam's Bird Island, both in the magisterial district of Luderitz, between the first day of September in any year and the thirty-first day of January in the following year.
- (c) In the area bounded to the south by an imaginary line running due west from the northern riverbank at the mouth of the Orange River and bounded to the north by an imaginary line running due west from Diaz Point, both in the magisterial district of Luderitz, between the first day of September and the thirty-first day of October in any year.

2. Voorts word bekend gemaak dat die gebied noord van Hollam's Bird-Eiland dwarsdeur die jaar oop is.

3. Goewermentskennisgewings 22 van 1952, 298 van 1955 en 71 van 1965 word hierby ingetrek.

2. It is further notified that the area north of Hollam's Bird Island shall be open throughout the year.

3. Government Notices 22 of 1952, 298 of 1955 and 71 of 1965 are hereby with-drawn.

No.No. 1546 (Republiek).]

[7 Oktober 1966

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL TIEN TER VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

